NG Kerk in KZN

Notule 2012

Vier en negentigste Sinodevergadering
15 tot 18 Oktober 2012
Sinodale Sentrum
Pietermaritzburg

VOORWOORD

Tema: In Christus saam op pad

Die sinodevergadering van 2008 was ‘n waterskeidingsgeleentheid vir die NG Kerk in KZN. ‘n Nuwe hoofstuk is ingelei in die geskiedenis van hierdie sinode met die goedkeuring van nuwe stelsels en strukture. Naas die nuwe stelsels en strukture was dit meer die keuse van *bemagtiging* as tema vir die nuwe hoofstuk wat ‘n groot invloed uitgeoefen het.

By die sinodevergadering van 2012 wil ons as sinodegangers luister na die verhale van die verskillende rolspelers (Sinodale Bedieningspanne, ringe, gemeentes , individuele gelowiges en ander) van die afgelope vier jaar. Ons wil luister of ons die *bemagtigingstema* na behore uitgewerk het en watter invloed dit gehad het binne die koninkryk van God. Ons wil luister en kyk of ons werklik in hierdie vier jaar ingeskakel het by God se besigwees in KZN.

Ons wil luister na die verhale van die afgelope vier jaar om te hoor of die onderliggende tema van *bestaansonsekerheid*, wat tydens 2008 se sinodevergadering ‘n beduidende rol gespeel het, vervang is met die tema van bedieningsopgewondenheid en –verwagting. Ons het mos nie verniet in September 2011, tydens die uitgebreide Moderamenvergadering, vir ons 11 bedieningssleutelpunte vir ‘n hoopvolle bediening in 2012 en verder geformuleer en uitgebou (Vgl predikantebyeenkoms 2012) nie.

Net om die geheue te verfris, hier is die 11 bedieningssleutelpunte weer:

- Finansies
- Diensbaarheid in die markplein
- Skrifgetrouheid en Gereformeerde identiteit
- Erediens
- Gesinsbediening
- Verhoudinge binne die gemeente
- Verhoudings na buite
- Leierskap
- Kontekstueel relevant
- Gestuurdheid
- Holistiese dissipelskap

Behalwe vir die verhale wat binne KZN geskryf is, was daar natuurlik in die loop van die afgelope vier jaar ook ander verhale wat afgespeel het en wat ‘n groot invloed op die NG Kerk in KZN het. Een van hierdie verhale is dié van die Algemene Sinode 2011. Na hierdie verhale (insluitend die besluite) van die Algemene Sinode gaan ons ook luister. Ons gaan ‘n hele aand afstaan om daarna te luister en die besluite te bespreek. Dan gaan ons, as deel van hierdie Algemene Sinode se storie, ook ruim tyd afstaan om te gesels oor die Bevoegdheidsraad en op ‘n unieke manier oor die betekenis van die Belharbelydenis.

Ons gaan tydens die sinodevergadering 2012 egter nie net “terug-luister” nie, maar ook die eerste lyne begin skryf aan die volgende vier jaar se verhaal. Ons is mos saam kerk van Christus in KZN en daarom moet ons saam beplan en kragte saamgooi vir 2012 en verder. Die tema van ons Sinodevergadering is om dié rede:

In Christus saam op pad.

Die hoop-sleutelpunte en ons Gereformeerde identiteit gaan ons in hierdie gesprekke lei (Ons is dankbaar dat ons vir hierdie deel die insette en begeleidingsvaardighede van Nelus Niemand het).

In die ontwerp van die sinodeveragdering 2012 het die Ontwerpspan besluit om te bly by die waardes van die belangrike 2008-sinodevergadering:

Positiewe waardering : Die Here is reeds op wonderlike maniere aan die werk in en deur die Gemeentes, Ringe en Sinodewerksaamhede van die NG Kerk in KZN. Tydens die Sinodevergadering neem ons met dankbaarheid kennis van dit wat die Here binne en deur die kerkverband doen. Ons vier hierdie dinge met mekaar voor God.

Uitdaginggerig : Die Koninkryk van God is die erns van die kerk. Die erkenning van die heerskappy van Jesus op alle terreine is die kerk se strewe. Ons, as deel van die kerk van Jesus, is daarom opgewonde ingestel op alle geleenthede wat bestaan om die koninkryk van God uit te brei. Hierdie geleenthede word die uitdagings vir die NG Kerk in KZN om, in die oorwinnende krag van die Heilige Gees, God se koninkryk te vestig. “Ons is tot *alles* in staat deur Hom wat ons krag gee” (Vgl. Fil 4:13).

Hoopskeppend : Die kerk van Jesus Christus is die draers van die boodskap van hoop in Jesus Christus. In ’n omgewing waar wanhoop, bedruktheid en moedeloosheid dikwels die oorhand kry, wil ons die hoop in en van Jesus bring.

Eenvoud : Die Sinodevergadering wil alles wat sy doen op so ’n manier doen dat almal, met gemak, dit kan verstaan en verder dra. Wat verslaggewing, inrigting en vergaderingsprosedures aanbetref, is eenvoud die wagwoord.

Saam met bogenoemde waardes geld die **Luisterseisoenwaardes**, omdat ons ingestel bly daarop om na God, mekaar en ons konteks te luister:

Leerbaarheid : Ons luister na die Woord van God, onder leiding van die Heilige Gees. In ons is die gesindheid van *vrugbare grond*, sodat die Saad kan vrug dra.

Vertroue : In ’n gees van liefde luister ons na mekaar – en vertrou mekaar dat almal erns het met God, Sy Woord en Sy roeping vir ons. Ons aanvaar en bely dat die Heilige Gees werksaam is in elkeen van die afgevaardigdes en in die sinodale verband.

Deernis : In ons harte is die gesindheid van Jesus van omgee en ontferming vir mekaar en die konteks waarbinne ons leef. Jesus se teenwoordigheid in die wêreld spel immers deernis uit.

Openheid : Die Heilige Gees maak ons, met al ons gawes, diensbaar aan die wêreld. Soos ’n blom wat oopgegaan het, is ons oop om te dien. Ons is gerig op die hele aarde, want God het ons die boodskap van die Bron van lewende water, wat die dors van die hele wêreld kan les, toevertrou.

Die gebed van die Ontwerpspan is dat ons tydens die sinodevergadering, 15 – 18 Oktober 2012, ons saamwees in Christus sal kan vier, maar ook die eerste lyne sal skryf oor hoe ons saam met mekaar sal kan deelneem aan Christus se verhaal vir sy kerk in 2012 en verder.

Die Ontwerpspan

✞✞✞

AFKORTINGS

ABM	Apostoliese Bedieningsmodel
ABR	Algemene Bevoegdheidsraad
ADL	Algemene Diensgroep Leierskap
AJK	Algemene Jeugkommissie
AKAI	Algemene Kommissie vir Argief en Inligting
AKDV	Algemene Kommissie vir Diensverhoudinge
AKF	Algemene Kommissie vir Fondse
AKKM	Algemene Kommissie vir Kerklike Media
AKV	Algemene Kommissie vir die Vrouediens
AOS	Afrikaanse Onderwys Stigting
Art	Artikel
AS	Algemene Sinode
ASK	Algemene Sinodale Kommissie
ASM	Algemene Sinode Moderamen
ATR	Algemene Taakgroep Regte
BUVTON	Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding (US)
CMD	Christelike Maatskaplike Dienste
Faskom	Fasiliteringskommissie
GEM	Geestelike Eeufees Monumente Sending
JMod	Joint Moderamen
KMS	Kingfisher Mobilisering Sentrum
KO	Kerkorde
KR	Kerkraad
KZN	KwaZulu-Natal
KZNCC	KwaZulu-Natal Christian Council
KZNCLG	KwaZulu-Natal Church Leaders Group
NCD	Natural Church Development
NG KERK	Nederduits Gereformeerde Kerk
NGKZN	Nederduits Gereformeerde Kerk in KwaZulu-Natal
NGTT	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk
NSE	Natal Sinode Eiendomme
NWO	Nie Winsgewende Organisasie
PSD	Predikant in Sinodale Diens
RCA	Reformed Church in Africa
RFK	Ringsfinansiëlekommissie
SACLA	South African Church Leaders Assembly
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
SBS	Sinodale Bedieningspan
SKJA	Senior Kerk Jeugaksie
SKV	Sinodale Kommissie vir die Vrouediens
SOS	Sinodale Ondersteuningspan
SSR	Sinodale Span Regte
SVL	Sinodale Visionêre Leierspan
TIW	Toesrustingsburo Interkerklike Werkers
UP	Universiteit Pretoria
URCSA (KZN)	Uniting Reformed Church in Southern Africa (Regional Synod KwaZulu-Natal)
US	Universiteit van Stellenbosch
UV	Universiteit van die Vrystaat
Vgl	Vergelyk
VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

INHOUDSOPGAWE

KONSTITUERING, OPENING EN ADMINISTRASIE 3
VERKIESING 3

VERSLAG VAN DIE MODERAMEN 4
3 Dinamiese kontekstuele kerkwees 4
4 Ringsfunksionering 4
5 Ander sake wat die Moderamen hanteer het 4
8 Algemene Sinode 4
10 Administratiewe reëlings 5

VERSLAG VAN DIE SINODALE BEDIENINGSPAN 5

Lanseerplatvorm 1 (Lidmatebediening) 5
1 Die Apostoliese Bedieningsmodel 5
2 Lidmaattoerustingsprogram 5
6 JONK (Jong ruimtereisigers) 7
7 Bybelgenootskap SA 8

Lanseerplatvorm 2 (Predikantebediening) 8
1 A-Z Beleid 8
2 Versorging 8
3 Ringsverteenwoordigers 8
4 Predikantekursus 8

9 Teologiese Opleiding : Kuratoria 8
10 Algemene Bevoegdheidsraad 8

Lanseerplatvorm 3 (Ons bestemming : Die wêreld) 8

1 Missionale gemeentes 8
2 Maak ons ‘n verskil? 8
3 KZN Outreach (Woordbediening) 8

Lanseerplatvorm 4 (Broodbediening) 8
1 KZN CMD 8
6 Voorgestelde verdeling van Direnteursfunksies 8
9 Bybelgenootskap van Suid-Afrika 9
10 Samestelling van SBS 10

VERSLAG VAN DIE SINODALE ONDERSTEUNINGSPAN 10
2 Pensioenfonds en aftrede 10
4 Begroting en finansies 11
5 Beleggings 11
11 Ondersteuning van projekte 11
16 Aanbevelings van SOS 12

VERSLAG VAN DIE SINODALE SPAN VIR REGTE 16
3 KZN Predikante 16
4 Die Kerkorde 16
5 Wysigings aan KZN Bepalinge Lêer 16

Bylae 1 – OPENINGSLITURGIE 28
Bylae 2 - VERSLAG : TSSR INSAKE KONSTITUERING 31
Bylae 3 – VERSLAG : VERKIESING 36
Bylae 4 - GROETEBOODSKAPPE 42
Bylae 5 - OPSOMMING LUISTERPROSES PROF NELUS NIEMANDT 48
Bylae 6 – VERKLARING 50
Bylae 7 – BESLUITEREGISTER 51

✞✞✞

NOTULE VAN DIE SINODEVERGADERING VAN DIE NG KERK IN KZN 2012

Die numerering van besluite stem ooreen met die Sakelys. Die Notule moet asseblief deurlopend saam met die Sakelys gelees word.

KONSTITUERING, OPENING EN ADMINISTRASIE

1 Konstituering:
Die verslag van die Tydelike Span Regte insake presensie word aangeheg as **Bylae 2**. Die vergadering word deur die voorsitter gekonstitueer met 120 lede teenwoordig.

Die sinode hanteer Bep 37.1.1 en 37.3 (vgl. 5.24 en 5.25 van die SSR verslag) en keur dit goed. "Die afgevaardigde bedienaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergade ring en gaan voor totdat die moderator gekies is."

2 Verwelkoming
2.1 Die Voorsitter (die oudste dienende leraar, ds. Pieter Raath) verwelkom die aanwesiges.
2.1.1 Hy laat al die leraars wat die afgelope vier jaar na ons sinode gekom het, opstaan.
2.1.2 Dan ook al die afgevaardigde kerkraadslede wat vir die eerste keer 'n sinodevergadering bywoon.
2.1.3 Hulle word almal verwelkom en die Here word in gebed gedank vir die gawes wat hulle na die kerk in KZN gebring het.
2.2 Besoekers wat ons sinodesitting bywoon, word verwelkom.
Reeds teenwoordig:
Hans Steyn – CLF; Braam Grobbelaar – Daniël Konferensies; Dewyk Ungerer en Marius Cornelissen - ABR.

3 Praktiese reëlings word deur ds Ben van Dyk afgekondig.

VERKIESING
Die verslag insake verkiesing van ampsdraers, diensspanne en verteenwoordigers word ingesluit in **Bylae 3**.
Groeteboodskappe word ingesluit in **Bylae 4.**

VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

Pieter Raath lei die wydingsliturgie van die oggend as deel van die Moderamenverslag (word aangeheg as **Bylae 1**).
Die vergadering neem met waardering kennis van die sinode se eerste voltydse kantoorpersoneellid in die heel eerste kerkkantoor (Lettie Truter), wat ‘n brief van groete gestuur het.

1 ‘n Nuwe begin

In die afgelope 20 jaar was daar ‘n afname van 18% in leraarstal en gemeentes het met 20% verminder. Waar die oorheersende saak by die vorige sinode “*bestaans-onsekerheid*” was, het die sinode gevorder tot “*sekerheid in Christus*”.

2 Sinodale Visionêre Leierspan (SVL)

As deel van die werkgroep vir Argief en Inligting word ‘n paar kosbare items uit die sinode se waardevolle argiefversameling vertoon. Die vergadering neem ook kennis daarvan dat die sinode in 2015 reeds **150** jaar oud sal wees.

3 Dinamiese kontekstuele kerkwees
4 Ringsfunksionering
5 Ander sake wat die Moderamen hanteer het
6 Sake wat die Moderatuur hanteer het
7 Diensspanne

8 Algemene Sinode

Dr Kobus Gerber, Algemene sekretaris van die Algemene Sinode, tree in gesprek met die Sinode oor die besluite van die vorige Algemene Sinode. Hy begin met ‘n besprekingsvraag:
Wat wil ons op die tafel van die kerkfamilie (AS) sit op grond van dit wat by die afgelope Algemene Sinode besluit is en met die oog op die komende sinode?
Daar volg ‘n intense gesprek en baie vrae word beantwoord.

Die Belhar belydenis kom ook op die tafel tydens ‘n nagmaalsgeleentheid saam met lidmate van die RCA, VGK en ander genooide kerkgenootskappe. Daar volg intense gesprek oor onder andere: Wat is in ons land aan die gebeur?; Plaas die gebeure in die land die waarheid van die evangelie op die spel?; Wat glo ons van eenheid, geregtigheid en versoening?; Kan die belydenis van Belhar vir ons in 2012 taal gee om hieroor te getuig?
Uiteindelik buig ons saam voor die Here met die tekens van die brood en wyn as simbole van ons eenheid in Christus.

Daar is groot waardering teenoor dr Kobus Gerber vir die insette wat hy gelewer het.

Prof Nelus Niemand, moderator vorige Algemene Sinode lei die middaggesprek. Hy sluit aan by die sinode se tema van “In Christus saam op pad” aangesien dit in ons tyd ‘n baie universele tema is. Ons moet bid dat die Here vir ons die vermoë gee om onderskeidend te leef as kerk, sodat ons kan raaksien waar God aan die werk is sodat ons daarby kan inskakel. Ons fokus moet ook wees op die wêreld daar buite en sy nood.
In die terugrapport na die tafelgesprek word baie voorbeelde aangehaal van mooi dinge wat deur die Here se kerk gedoen word.

Prof Niemand lei die vergadering met ‘n opsomming van die luisterproses. (As **Bylae 5** aangeheg). Dit word aan die gemeentes deurgegee vir bekendmaking komende Sondag by die erediens as terugvoer van wat by die Sinode gebeur het. (Die SVL sal hierdie opsomming asook die terugrapport van die tafelgesprekke evalueer en verder ontgin.)

Die vergadering bedank Prof Niemandt vir die puik insette wat hy gelewer het.

9 Dankbetuiging
10 Administratiewe reëlings

10.3.2.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die reëlings vir die Sinodevergadering goed.
Goedgekeur.

VERSLAG VAN DIE SINODALE BEDIENINGSPAN

Lanseerplatvorm 1 (Lidmatebediening)

1 Die Apostoliese Bedieningsmodel
2 Lidmaattoerustingsprogram

RIGLYNE VIR DIE OPLEIDING VAN GELOWIGES IN KZN

1. AGTERGROND

1.1 Hierdie dokument gee riglyne vir die opleiding van gelowiges / leiers in die NG Kerk in KZN.
1.2 Ons glo dat die bediening van gemeentes hoofsaaklik gedoen moet word deur die gelowiges en dat die rol van goed opgeleide predikante na meestal opleiers en mentors moet verander.

2. KEURING

2.1 Kerkrade moet kandidate vir opleiding identifiseer en aanwys. Slegs mense wat deur hulle plaaslike kerkraad gekies en gestuur word, sal aanvaar word vir opleiding.
2.2 Die plaaslike kerkraad oorweeg kandidate op grond van hulle geloof, hulle verhouding met God en met mense, asook hul betrokkenheid in die gemeente. Kandidate moet aanvaarbaar wees vir die bediening.

3. STANDAARD VAN OPLEIDING

3.1 'n Hoë standaard van opleiding moet gehandhaaf word. Die opleiding moet gedoen word deur geordende bedienaars / geakkrediteerde opleiers wat spesifiek vir die betrokke kursus opgelei is.
3.2 Die opgeleide predikante / geakkrediteerde opleiers sal gelowiges op plaaslike vlak in 'n spesifieke kursus in samewerking met die sinodale strukture oplei.

4. OPLEIDINGSMATERIAAL

4.1 Opleidingsmateriaal word in samewerking met ander instansies gebruik of ontwikkel. Die volgende basiese kursusse word aangebied: Verkondigingsvaardighede, Omgeevaardighede, Bybelvaardighede, Bestuursvaardighede en Leiersvaardighede.
4.2 Ander kursusse sal volgens behoeftes ontwikkel of verkry word.

5. INDIENSSTELLING

5.1 Gelowiges / leiers wat die basiese kursus suksesvol voltooi, sal vir die bediening in die spesifieke veld van studie in diens gestel word.
5.2 Die plaaslike kerkraad sal die gelowiges in ooreenstemming met hierdie dokument in diens stel.
5.3 Die bevoegdheid van die gelowige / leier tot die spesifieke dienswerk sal slegs geldig bly indien die gelowige / leier aan voortgesette opleiding deelneem.
5.4 Opgeleide gelowiges is beskikbaar vir die bediening van die hele NG Kerk-familie sowel as die ekumeniese kerk met die toestemming van die betrokke kerkrade.
5.5 Slegs ouderlinge mag eredienste lei binne sy/haar eie gemeente of in ander gemeentes met toestemming van beide kerkrade.

6. VOORTGESETTE OPLEIDING

6.2 Na afloop van die basiese kursus moet die gelowige / leier aan ten minste 20 uur voortgesette opleiding in 'n siklus van twee jaar deelneem.
6.2 Die opleiding van die volgende instansies word aanvaar:
6.2.1 Nehemia Bybelinstituut (NBI);
6.2.2 Universiteit van Bloemfontein - opleidingskursusse vir gelowiges;
6.2.3 Universiteit van Pretoria - opleidingskursusse vir gelowiges;
6.2.4 Universiteit van Stellenbosch - opleidingskursusse vir gelowiges;
6.2.5 Veritas Kollege;
6.2.6 Hugenote Kollege;
6.2.7 Ander goedgekeurde kursusse deur geordende predikante aangebied;
6.2.8 Ander instellings kan by hierdie lys gevoeg word.
6.3 Opgeleide gelowiges / leiers moet 'n netwerkvergadering ten minste een keer elke twee jaar bywoon om hul kennis uit te brei. Hierdie netwerkvergaderings sal op 'n plaaslike vlak georganiseer word waar opgeleide gelowiges mekaar kan ondersteun en kennis gedeel kan word.

7. MENTORSKAP

7.1 Elke opgeleide gelowige / leier moet met ’n geordende predikant as ’n mentor saamwerk.
7.2 Die taak van die mentor is om die gelowige / leier te help om geestelik, persoonlik en in die bediening te ontwikkel.
7.3 'n Prediker mag nie preek nie indien die mentor nie die inhoud van die preek en liturgie vooraf goedgekeur het nie óf indien die inhoud nie deur 'n preekwerkgroep onder leiding van ’n leraar hanteer is nie.

2.3.1 Aanbevelings:
2.3.1.1 Die Sinode keur die “Riglyne vir die opleiding van gelowiges in KZN” goed, met byvoeging van die volgende by 5.5: “asook die ring (vgl. Artikel 48.3.5)”
2.3.1.2 Die Sinode versoek die SSR om die “Riglyne vir die opleiding van gelowiges in KZN” in die Bepalingelêer op te neem.
Goedgekeur.

3 Brokkies belewenisse van die Vroue
4 Die verhaal van *Half Time* in KZN
5 Klein Gemeentes in KZN

6 JONK (Jong ruimtereisigers)
JONK kom in 2013 die ringe in KZN besoek. Gielie Loubser (PSD Wes-Kaap) deel die uitdagings van die Jeugbediening met die sinode. Hy lei die sinode met “Wandel-in-die-Woord” uit Lukas 2:41-

52 en gebed. Hy vertel die storie van Church 2.0 (teenoor die ou manier van dink en doen in Church 1.0). Die woorde wat deesdae gebruik word is dat ons nie meer moet "*down load*" nie maar "*up load*" (deelname/ bemagtiging). Die jongmense van ons dag wil nie meer deur die kerk voorgeskryf word oor wat is "waarheid" nie, maar verkies dat ons hulle sal help om die "waarheid" te interpreteer.

Die sinode bespreek die saak in die tafelgroepe en gee per SMS wenke aan JONK deur, met die oog op bestudering en implementering.

7 Bybelgenootskap SA (Sien Lanseerplatvorm 4)
8 Die reis gaan voort

Lanseerplatvorm 2 (Predikantebediening)
1 A-Z Beleid
2 Versorging
3 Ringsverteenwoordigers
4 Predikantekursus
5 Emeriti
6 Gemeente en Predikant Sinkroniseer
7 Mentorskap
8 Brugbediening
9 Teologiese Opleiding : Kuratoria
10 Algemene Bevoegdheidsraad

Lanseerplatvorm 3 (Ons bestemming : Die wêreld)
1 Missionale gemeentes
2 Maak ons 'n verskil?
3 KZN Outreach (Woordbediening)

Lanseerplatvorm 4 (Broodbediening)
1 KZN CMD
2 'n Laaste woord
3 Skoolverlaterskampe
4 Doelwitte van KZN CMD
5 Organogram
6 Voorgestelde verdeling van Direkteursfunksies
(Addendum 1 – Laat stuk)

Dank aan Botha van Aarde vir jare van diens aan KZN sinode.

Addendum 1 – Besluite insake vakante pos van dr Botha van Aarde

Die sinode besluit:

- Die vakante PSD-Gemeenskapsbedieninge-pos, wat insluit die pos van Direkteur KZN CMD, word nie dadelik gevul nie. Hierdie PSD-pos bly voorlopig voortbestaan as ‘n vakature.

- Vir die tussentyd word die funksies en die pligte van die Direkteur KZN CMD verdeel tussen bekwame personeel wat tans in diens van die KZN CMD is. (Daar is drie waarnemende Direkteursposte geskep wat die volgende velde bedien: Maatskaplike werk aangeleenthede; Menslike Hulpbronne; en Skakeling.)

- Om deurlopend die sake van die KZN CMD te bestuur word ‘n Bestuurspan saamgestel, bestaande uit sewe hoofspelers binne die organisasie, wat gereeld onder die voorsitterskap van ds Philip Meyer vergader.

- ‘n Jaarlikse subsidie van R300,000 vanuit die begroting van die NG Kerk in KZN word aan KZN CMD betaal. (In die begroting word o.a. voorsiening gemaak vir ‘n jaarlikse oorbetaling van R50,000 aan die drie Kinderhuise, asook R36,000 aan NG Kerk Hayfields en R50,000 aan enkele Maatskaplike Werkers vir die uitkoop van dienste om die Direkteursfunksies voort te sit.)

- Die huidige PSD-Gemeentebediening, ds Ben van Dyk, is verantwoordelik vir alle PSD-kerklike funksies.

- Die SBS begelei ds Ben van Dyk in die uitwerk van ‘n nuwe posbeskrywing na die sinodevergadering.

- Bostaande is ‘n interimmaatreël vir, voorlopig, twee jaar. Verslag en toekomsaanbevelings word gedoen aan die Moderamenvergadering nie later as September 2014 nie.

Goedgekeur

7 Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Ds. Gerrit Kritzinger neem ‘n kort spreekbeurt. Ook teenwoordig is dr. Dirk Gevers (Streekhoof KZN-Suid). Op 23 November 2012 ontvang die laaste amptelike taal van ons land hulle Bybel. Die

Bybelgenootskap is opgewonde oor die een miljoen Bybels wat versprei kon word met die fondse wat van gemeentes af kom.

6 Aanbevelings:

6.1 Dit word aanbeveel dat die Sinode verteenwoordigers sal aanwys vir elk van die streekkomitees vir ‘n nuwe termyn van drie jaar naamlik een geordende primariuslid asook ’n geordende sekunduslid plus een ongeordende primariuslid en ’n ongeordende sekunduslid (verkieslik ’n sakeman en/of ouderling), dws vier lede per streekkomitee. (Dit sal waardeer word as verteenwoordigers binne redelike bereikbare afstand van die streek se Bybelsentrum woonagtig sal wees.)
Goedgekeur.

6.2 Die Sinode dra die dank en waardering van die BSA oor aan die gemeentes van KZN, hul leraars, kerkraad en gemeentelede, asook die streekkomiteelede tw di Human en Rossouw vir hulle getroue voorbidding en ondersteuning van die Bybelsaak. Ons dank die Here vir elkeen wat in gehoorsaamheid aan Sy groot opdrag op een of ander wyse saam met ons in diens van Sy Woord is.
Kennis geneem.

6.3 Dit word aanbeveel dat die Sinode gemeentes sal aanmoedig om uit dankbaarheid teenoor God vir diè voorreg van die Bybel in eie taal te poog om ten minste EEN BYBEL PER LIDMAAT PER JAAR (d w s R35) by te dra ten einde te help om Bybels teen bekostigbare pryse vir almal beskikbaar te maak.
Kennis geneem.

6.4 Dit word aanbeveel dat die Sinode gemeentes sal aanmoedig om met die BSA saam te werk ten einde Bybels aan die armes, veral aan skole en gemeentes in behoeftige areas beskikbaar te maak.
Kennis geneem.

10.2.7 Samestelling van die Sinodale Bedieningspan

Tydelike Sinodale Bedieningspan

Aanbeveling: Die SBS word saamgestel uit ses lede (PSD plus nog 5 lede).

Goedgekeur.

VERSLAG VAN DIE SINODALE ONDERSTEUNINGSPAN

1 In Christus saam op pad – “Stories van hoop”

2 Pensioenfonds en aftrede
Ben van Dyk verduidelik hoe die pensioenfonds werk.

3 Mediese fonds en subsidies

4 Begroting en finansies
Ben van Dyk verduidelik kortliks hoe die sinode se begroting lyk. Die Here het in die afgelope jare nog altyd voorsien in die sinode se behoeftes.

5 Beleggings
Ben van Dyk verduidelik kortliks die waarde en groei van die sinode se beleggings. Dis is ‘n mooi positiewe verslag.

6 Gestuurdes in KZN : Versorging en ondersteuning
7 Werkspan befondsing
8 Sinodale bydraes
9 Berekening van sinodale bydraes
10 Versoeke rondom vrygestelde kollektes

11 Ondersteuning van projekte
Voorstel 1:
Voorsteller: Johann Venter
Sekondant: Barry Tolmay
1 Die sinode besluit dat die bydraes van die gemeentes van die ringe wat inskakel by die Metropool Trust by Durban afgetrek word van die inkomste voor sinodale bydraes bereken word.
Verwys na TSOS

Voorstel 2:
Voorsteller: Frans Klopper
Sekondante: Mauritius Pienaar en Francois Neethling
Ander ringe het ook spesifieke missionêre uitreikgeleenthede soortgelyk aan Durban ring (Metropool Bediening). Durban-Suid het bv as deel van sy missionêre uitreik King Fisher Bediening, Biblia Hawesending, Karavaanpark en plakkerskamp uitreikgeleenthede. Daarom vra Durban-Suid ring:
Die sinode besluit dat gemeentes wat bydra tot spesifieke missionêre uitreikgeleenthede soortgelyk aan Durban Ring, ook dit as aftrekkings kan kry voordat sinodale bydraes bereken word.
Verwys na TSOS

Aanbeveling TSOS:
Die sinode besluit dat die status quo gehandhaaf word en dat bogenoemde aanbevelings nie goedgekeur word nie.
Goedgekeur

Motivering:
Die missionêre uitreikgeleenthede word deur enkele gemeentes ondersteun en ‘n kwytskelding van dergelike fondse is dus nie tot voordeel van alle gemeentes in die sinodale gebied nie.
Die TSOS vermoed dat gemeentes nou in staat is om die missionêre uitreikgeleenthede weens die besparing in sinodale bydraes te kan ondersteun.

12 Aanbod om die Sinodale Sentrum te koop
13 Ander sinodale eiendomme
14 Bemagtigingsprojekte
15 Redaksionele kommentaar

16 Aanbevelings van SOS

1. Die Sinode besluit dat die Pensioenfonds van die VGK predikante soos volg bestuur word:
a. Dat ’n beleggingsrekening in die boeke van die Sinode oopgemaak word in die naam van elke betrokke leraar op dieselfde basis as ander beleggings by die Sinode.
b. Dat rente maandeliks bygevoeg word teen dieselfde koers as wat ons aan ander betaal (prima min 5%).
c. Dat die balans van die betrokke persoon se belegging dan op ouderdom 65 uitbetaal word of wanneer die persoon voor 65 sterf.
d. Dat ons jaarliks ’n staat aan die betrokke persoon stuur met die saldo van die rekening.
Goedgekeur.

2. Die Sinode besluit dat die volgende by die kerkorde reglement rondom medies goedgekeur word met dien verstande dat effektiewe kommunikasie met alle leraars hier rondom moet plaasvind.
“Aanbeveling 1:
Voeg ’n nuwe Bepaling 14.5 by wat soos lees: BEPALING 14.5 – VERSWAKTE GESONDHEID
Wanneer bedienaars van die Woord weens verswakte gesondheid of ouderdom of andersins uit die diens tree en hulle daarvoor kwalifiseer, moet hulle voordele ontvang volgens die bepalinge van die betrokke Reglement, Lewensversekeringspolis of die Voortgesette Inkomste Versekering Polis, soos van toepassing.
Kennis geneem.

Aanbeveling 2:
Vervang die woorde “Predikante- en Weduweepensioen-fonds” in Bep 13.1.2 met “Predikante pensioenfonds”.
Kennis geneem.

Aanbeveling 3:
i. Die beginsel, nl. dat die mediese subsidie uitgefaseer word, word aanvaar.
ii. Die afsnypunt vir wie nog kan kwalifiseer vir die mediese subsidie, die datum sal wees van almal wat voor of gedurende 1961 gebore was.
iii. Die Gemeentes in KwaZulu-Natal sal soos in die verlede nog steeds ‘n bydrae maak tot die bekamping van die emeriti se mediese uitgawes en dat die beginsel van kruissubsidiëring steeds toegepas word.
iv. Die Sinode belê ‘n bedrag van R8 miljoen oor ‘n termyn van 10 jaar en die opbrengs word aangewend om die mediese subsidies te help finansier.
Verwys na TSOS.

Aanbeveling 3, bladsy 148: Mediese subsidie
Voorstel verwys na TSOS:
Die saak kan nie nou finaal afgehandel word nie en die moderamen sal oor die finale afhandeling besluit. Die ondersoek behoort op die volgende te fokus:
1 Dat die diens in KZN die maatstaf word (3.iii) en nie ouderdom nie.
2 Dat die mediese subsidie nie uitfaseer nie, maar uit- of afgekoop word.

TSOS se Voorstel:
Die sinode besluit dat
i Die sinode ‘n bedrag van R8 miljoen belê en die opbrengs aangewend sal word om die mediese subsidies te help finansier.
ii Die gemeentes in KZN sal soos in die verlede nog steeds ‘n bydrae maak tot die bekamping van die emeriti se mediese uitgawes en die beginsel van kruissubsidiëring sal steeds toegepas word.
iii Die sinode dra dit aan die SOS op om ‘n reglement vir die subsidiëring van emeriti ten opsigte van mediese fondsbydraes daar te stel en aan die moderamen voor te hou vir afhandeling.
iv Die saak van uitfasering terugverwys word na die SOS.
Goedgekeur.

3. Die Sinode besluit dat die SBS die hele saak van hulpverlening aan die RCA, URCSA en gemeentes soos volg hanteer:
Die hele saak van hulpverlening word deur die SBS hanteer, met 2 werkgroepe wat die toewysing aan gemeentes hanteer.
i. 'n Groep wat die gemeentes van die RCA & VGKSA se toedeling doen, word saamgestel uit verteenwoordigers van al drie kerke en funksioneer onder toesig van die KZN Outreach (ou Sendingkommissie), met verslag aan die SBS.

ii. 'n Groep wat die NGK gemeentes se toedeling doen funksioneer onder toesig van die SBS.
R 15 miljoen uit die algemene reserwe fondse van die sinode as 'n gemeente-ondersteuningsfonds is vir die doel goedgekeur.
i. Die opbrengs word vir gemeente-hulpverlening aangewend.
ii. Vir die gemeentes van die VGK en RCA word die bedrag vir die huidige tot ‘n maksimum bedrag van: R 1,1 miljoen vasgepen.
iii. Die opbrengs meer as R 1,1 miljoen word vir NGK hulpverlening aangewend.
iv. Indien die volle bedrag opbrengs nie gebruik word nie, word dit gekapitaliseer.
Goedgekeur.

VOORSTEL (bladsy 147)
Voorsteller: Mike Heaney
Sekondant: Marthinus van Rooyen
Die goedkeuring van aanbeveling 16.3 van die SOS verslag impliseer dat ‘n plafon op die subsidiëring van salarisse van leraars en evangeliste in die VGK en RCA geplaas word. Derhalwe doen die sinode ‘n beroep op gemeentes om biddend te oorweeg om op groter skaal betrokke te raak by hulpverlening aan VGK en RCA gemeentes, veral gesien in die lig daarvan dat behalwe die GEM-gebied ook Makatini, Msinga en Suid Natal streek op die tafel van die sinode kom. In die lig hiervan moet gemeentes ook gewillig wees om betrokke te raak by die ontwikkeling van ander gemeentes en ringe om self die tekorte aan te spreek.
Goedgekeur.

Voorstel: Sendingbegroting Makatini en Msinga
Voorsteller: Mike Heaney
Sekondant: Marthinus van Rooyen
Die sinode dra dit aan die SOS en relevante rolspelers op om weë/wyses te vind om die tekorte op die sendingbegroting te Makatini en Msinga te help subsidieer/ ondervang.
Goedgekeur.

Motivering:
Dit het onder die aandag van die SBS en KZN Outreach gekom dat die Wes-Kaapse Sinode se kommissie vir getuienisaksie R200,000 van hul subsidie aan die werk in Msinga en Makatini onttrek, met in werking trede 1 Maart 2013. Dit raak die poste van twee voltydse sendingleraars en 11 evangeliste.

4. Die sinode dra dit aan die gemeentes op om ernstig na die belange van hulle leraars te kyk en eerder alternatiewe te oorweeg sodat ons as kerk nie deel word van onregverdige arbeidpraktyke nie.
Kennis geneem.

5. Die Sinode besluit dat die huidige formule vir Sinodale bydraes soos volg gewysig word:
Geen inflasie aanpassing in die toekoms nie.
Die persentasies verander soos volg:
- Predikantsposte 4%
- Skuld 6%
- Balans 9%

Die res van die formule bly dieselfde.
Die besluiteregister Deel 6 word ook soos volg gewysig:
a. bl 9, punt 2.2 die volgende sin word geskrap: “en deur die SOS aangepas met ‘n bedrag wat nie hoër is as die amptelike inflasiekoers nie(VPI indeks)”.
b. bl 10, punt 6.1.3 word verander na: “9% op die res van die inkomste van die gemeente”.
c. bl 10, punt 6.11 word bygevoeg: “Enige bydrae van ‘n gemeente aan die CMD word afgetrek van die inkomste van die gemeente voor Sinodale bydraes daarop bereken word”.
d. bl 14, punt 15: die volgende sin word geskrap: “alleenlik addisionele kollektes”.
Goedgekeur.

6. Die Sinode besluit dat die huidige formule vir Sinodale bydraes soos volg gewysig word:
Geen inflasie aanpassing in die toekoms nie.
Die persentasies verander soos volg:
- Predikantsposte 4%
- Skuld 6%
- Balans 9% Die res van die formule bly dieselfde.

Kennis geneem.

7. Die Sinode besluit dat kollektes vir en bydraes aan die NID (Nasionale Instituut vir Dowes) vir teologiese opleiding by NID vrygestel word van sinodale bydraes.
Ons reken dat dit ’n baie verdienstelike versoek is en ondersteun dit graag. Ons vertrou dat die Sinode en gemeentes ook positief hieroor voel en dat die nodige veranderinge in die gemeentes se finansiële jaarstate asook in die KZN Bepalingelêer aangebring sal word. Die Sinode kan dit dalk selfs bekend stel via die ePosduif.
Goedgekeur.

8. Die Sinode besluit dat die Sinodale Sentrum nie aan Netcare verkoop word nie.
Goedgekeur.

Voorstel:
Die Sinode besluit dat ds BJ van Dyk (Prim) en dr Barry Tolmay (Sek) die werkgewer verteenwoordig by die Predikante Pensioenfonds en Groepskemas.
Goedgekeur.

Die SOS verslag word afgesluit met ’n wydingsgeleentheid.

VERSLAG VAN DIE SINODALE SPAN VIR REGTE (Agenda P150)

1 Sinodale Span Regte se verhaal
2 Sinodale personeel en diensverhoudinge

Aanbeveling: Die sinode keur goed dat die kantoorpersoneel een ekstra dag verlof ontvang uit waardering vir die harde werk om gereed te maak vir die Sinodevergadering.
Goedgekeur.

3 KZN Predikante
4 Die Kerkorde
5 Wysigings aan KZN Bepalinge Lêer

Op versoek van Sinode 2008 word Bepalinge vir verandering eers aangehaal en die aanbeveling (verandering) volg daarna. Die “aanhaling” is in ‘n kleiner druk en volg uiteraard die numerering in die Bepalinge Lêer. Die “aanbeveling” geskied in groter en duideliker druk en volg die numerering van die huidige verslag.

5.1 Algemeen

5.1.1 Aanbeveling: Die SSR kry opdrag om die nodige redaksionele veranderinge in die Bepalinge Lêer insake benaminge en verwysings (byvoorbeeld na KO artikels en Reglemente) wat verander het, aan te bring.
Goedgekeur.

5.2 Bep 7.1.3:

’n Vakature bestaan nie vir ’n onbepaalde tyd nie. Indien die ring oordeel dat die gemeente in afsienbare tyd nie weer ’n leraar sal kan beroep nie (vgl Art 12.7.3), verval die vakature. Dit beteken nie dat die gemeente ophou bestaan nie.

5.2.1 Aanbeveling: Skrap Bep 7.1.3.
Goedgekeur.

5.3 Bep 7.4:

Bepaling 7.4 – Versoek om beroepbaarstelling
7.4.1 'n Leraar wat vanweë siekte (sy eie of dié van 'n gesinslid) nie meer op 'n spesifieke plek kan arbei nie, mag die ring met 'n gemotiveerde versoek tot beroepbaarstelling nader.
7.4.2 Indien die ring oordeel dat die versoek meriete het, stel die skriba van die ringskommissie deur kennisgewing in Die Kerkbode die leraar bekend met die oog op beroeping.

5.3.1 Aanbeveling: Skrap Bep 7.4
Goedgekeur.

5.4 Bep 7.5.1

Die beroeping geskied volgens die voorskrifte van Artikel 7 en die Besluite daarby.

5.4.1 Aanbeveling: Vervang "en die besluite daarby" met "met inagneming van toepaslike Reglemente van die Algemene Sinode (bv vir Tentmakerbedieninge, Vaste Termynposte, ens)."
Goedgekeur.

5.5 Na aanleiding van Aanbeveling 5.1.1

Aanbeveling:
5.5.1 Bep 7.9.6. Vervang ATR met ABR.
5.5.2 Bep 8.1.3. Verander die verwysing Art 8.1.3.1 met Art 8.1.5.
5.5.3 Bep 8.1.6. Skrap net die numeriese verwysing 2.1.12.
Die reglement se numerering het verander.
Goedgekeur.

5.6 Bep 8.2:

5.6.1 Aanbeveling: Voeg 'n nuwe Bep 8.2.6 by, naamlik "Die Aktuarius gee kennis aan die Algemene Bevoegdheidraad van enige verandering wat ingetree het in bevoegdheid of standplaas."
Goedgekeur.

5.7 Bep 11.1.2:

In alle gevalle van verlies van bevoegdheid word die Akte van Legitimasie deur die vergadering wat die saak hanteer aan die Aktuarius gestuur, wat op sy beurt die inligting en die Akte van Legitimasie aan die Algemene Taakspan Regte laat toekom.

5.7.1 Aanbeveling: Vervang "Algemene Taakspan Regte" met "Algemene Bevoegdheidsraad".
Goedgekeur.

5.8 Bep 13.1.2:
"Alle voltydse leraars moet lid wees of word van die Predikante- en Weduweepensioenfonds van die NG Kerk van SA, die Groeplewens-versekeringskema van KZN asook die Mediese fonds waarby KZN as groep inskakel (tensy die leraar aan 'n erkende mediesefonds van sy/haar eggenote/eggenoot behoort)."

5.8.1 Aanbeveling: Verander om te lees "Alle voltydse leraars moet lid wees of word van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk van SA, asook die Mediese fonds waarby KZN as groep inskakel (tensy die leraar aan 'n erkende mediesefonds van sy/haar eggenote/eggenoot behoort)."
Goedgekeur na terugverwysing na TSSR.

5.9 Bep 13.1.3 – 13.1.4:

13.1.3 Termynbepaalde kontrakpos (Vgl Besluite by Art 11):
13.1.3.1 Predikante in 'n termynbepaalde kontrakpos word vergoed ooreenkomstig sy/haar diensooreenkoms met die beroepende vergadering.
13.1.3.2 Predikante in 'n termynbepaalde pos is vir sy/haar eie pensioen- en mediesefonds verantwoordelik. Die beroepende vergadering sien toe dat voldoende voorsiening gemaak word om die leraar in staat te stel om sy eie pensioen en mediesefonds te verseker.
13.1.4 Tentmakers word vergoed volgens die voorwaardes van die diensooreenkoms (vgl. Reglement vir Tentmakerbediening – Algemene Sinode).

5.9.1 Aanbeveling: Skrap en vervang met 'n nuwe 13.1.3: Vaste Termynposte en Tentmakerbedieninge word hanteer ooreenkomstig die betrokke Reglemente.
Goedgekeur.

5.10 Bep 13.2.2

5.10.1 Aanbeveling: Verander die benaming "Termynbepaalde Kontrakpos" na "Vaste termynpos".
Goedgekeur.

5.11 Bep 14.1.3:

Die Kommissie wat diensverhoudinge hanteer, oordeel of hy in terme van die Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasie van Evangeliedienaars – Algemene Sinode en die Reglement vir die Predikante Pensioenfonds – Algemene Sinode kwalifiseer vir uitdienstreding met behoud van bevoegdheid en met pensioen.

5.11.1 Aanbeveling: Verander Bep 14.1.3 om te lees: Die Kommissie wat diensverhoudinge hanteer, oordeel of hy in terme van Die Kerkorde Artikel 14 kwalifiseer vir emeritaat met behoud van bevoegdheid.
Goedgekeur.

5.12 Bep 15.4: Dienstermyn van ouderlinge en diakens
15.4.1 Elke kerkraad bepaal self, na gelang van eie omstandighede, die dienstermyn van ouderlinge en diakens.

5.12.1 Aanbeveling: Skrap hierdie bepaling en pas die numerering aan.
Goedgekeur.

5.13 Bep 25.1.2:
By die hantering van diensverhoudinge, kerklike geskille en tugsake dien Artikels 12 en 23 en hoofstuk 5 van Die Kerkorde sowel as die Riglyne vir die beslegting van kerklike geskille as handleiding. Die Bestuursgids vir Diensverhoudinge moet dien as riglyn wanneer diensverhoudinge ter sprake is.

5.13.1 Aanbeveling: Verander om te lees: By die hantering van diensverhoudinge by wangedrag (insluitend tugwaardige sondes – vgl Kerkorde Hoofstuk 5), ongeskiktheid en onvermoë word opgetree volgens Kerkorde Artikel 12.7, Hoofstuk 5 van die Kerkorde, die Reglement vir die bestuur van diensverhoudinge by wangedrag, ongeskiktheid en onvermoë en die Reglement vir Kerklike Tug en Dissipline.
Goedgekeur.

5.13.2 Aanbeveling: Sit ‘n voetnota by “diensverhoudinge”: Vir die hantering van diensverhoudinge in die algemeen sien die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.
Goedgekeur.

5.14 Bep 28.2:
Die kerkraad stel desverkiesend huishoudelike bepalinge op vir sy vergaderinge en vir werksaamhede van sy amptenare en kommissies, mits dergelike bepalinge nie in stryd is met die Woord van God, die Kerkorde en die Sinodale Bepalinge nie.

5.14.1 Aanbeveling: Voeg by bestaande: Elke gemeente moet in besit wees van ‘n kerkraadsgoedgekeurde personeelbeleid.
Goedgekeur.

5.15 Bep 28.7.3:
Die aangaan van skuld om vaste bates te verbeter, te vermeerder of nuwe poste te skep of om vaste eiendom te koop, mag alleen na raadpleging

met óf die beplanningskommissie of die finansiële kommissie van die ring geskied.

5.15.1 Aanbeveling : Voeg in na “raadpleging met”, “...die tersaaklike kommissie van die ring...”.
Goedgekeur.

5.16 Bep 31.3.1:
Lees tans: Die voorsitter neem die opening en leiding van die ring waar. Indien daar nog nie ‘n voorsitter gekies is nie, neem die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is waar totdat die voorsitter gekies is.

5.16.1 Aanbeveling: Wysig om te lees: Die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, hanteer die konstituering en opening van die ringsvergadering en tree op as voorsitter tot en met die verkiesing van ‘n voorsitter vir die vergadering.
Goedgekeur.

5.17 Bep 31.4:

Lees tans: Die ring kies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba vir die vergadering en daaropvolgende vergaderings vir ‘n tydperk soos deur die ring besluit.

5.17.1 Aanbeveling: Vervang met “Die ring kies 'n voorsitter, onder-voorsitter en skriba vir die vergadering.”
Goedgekeur.

5.18 Bepaling 31.8 – Kerkvisitasie

31.8.1 Die ring sien toe dat gereeld persoonlike visitasie in al die ringsgemeentes gedoen word.
31.8.2 Skriftelike visitasieverslae dien voor die ringsvergadering.
31.8.3 Die ring rig die visitasie in na behoefte van plaaslike omstandighede. Hierin kan gebruik gemaak word van die riglyne vir visitasie (vgl Riglyne vir Kerkvisitasie, Deel 4 – bladsy 21).

5.18.1 Aanbeveling: Skrap “persoonlik” in 31.8.1
5.18.2 Aanbeveling: Skrap 31.8.2
Goedgekeur.

5.19 Bep 31.10 Bepaalde bevoegdhede van die ring

5.19.1 Aanbeveling: Voeg ‘n Bep 31.10.6 by, naamlik: Die ring is bevoeg om “beperkte bevoegdheid insake prediking aan ouderlinge toe te ken op versoek van ‘n kerkraad.”
Goedgekeur.

5.20 Bep 31.12

5.20.1 Aanbeveling: Korrigeer die numerering. Dit moet 31.12.1 en 31.12.2 wees.
Goedgekeur.

5.21 Bep 31.12.2:
Die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes geskied met advies van die ring of van ‘n gevolmagtigde kommissie van die ring.

5.21.1 Aanbeveling: Skrap hierdie bepaling.
Goedgekeur.

5.22 Bep 33.1.2:

5.22.1 Aanbeveling: Vervang verwysing na Art 33.3 met Art 33.1.1.
5.22.2 Aanbeveling: Skrap verwysing na die Bep 7.1.3 (in lig van aanbeveling 9.2.1).
Goedgekeur.

5.23 Bep 37.1 - 37.10:

5.23.1 Aanbeveling: Verander na Bep 35.1 – 35.10.
5.23.2 Aanbeveling: Verander die verwysing by 37.1 na KO Art 35-37 na KO Art 34-35.
Goedgekeur.

5.24 Bep 37.1.1:
Die Moderator neem die formele opening met 'n gepaste Skrifwoord en liturgiese handeling waar.

5.24.1 Aanbeveling: Vervang met: “Die afgevaardigde bedienaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is.”
Goedgekeur.

5.25 Bep 37.3:
37.3.1 Teen die einde van elke tweede gewone Sinodevergadering verkies die vergadering agtereenvolgens 'n Moderator, Assessor, Aktuarius en Skriba vir die volgende twee vergaderings.
37.3.2 Die Sinodevergadering wys sekundi aan vir die Assessor, Aktuarius en Skriba. Die Assessor dien as sekundus vir die Moderator.
37.3.3 Die Moderamen wys voor die sinodevergadering ‘n assistentskriba aan wat ook as voorsitter van die notulekommissie dien.
37.3.4 As daar tussen Sinodevergaderings 'n vakature sou ontstaan, wys die Moderamen iemand aan om die vakature te vul.

37.3.5 Die verkose Moderatuur sorg vir die ordelike verloop van die volgende twee Sinodevergaderings. Die vorige Moderatuur se termyn verstryk aan die einde van die vergadering waarop die nuwe Moderatuur verkies is.
37.3.6 Die verkose Moderatuur dien tussen Sinodevergaderings as Dagbestuur van die Moderamen.

5.25.1 Aanbeveling: Vervang bepaling 37.3.1 – 37.3.6 met die volgende:

37.3.1 Ter aanvang van die Sinodevergadering word ’n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.
37.3.2 Die Moderatuur bestaan uit ‘n moderator, assessor, aktuarius en skriba.
37.3.3 Die Moderatuur, onder leiding van die moderator, lei die vergadering op ‘n kerkordelike wyse.
37.3.4 Die Sinodevergadering wys sekundi aan vir die Assessor, Aktuarius en Skriba. Die Assessor dien as sekundus vir die Moderator.
37.3.5 Die verkose Moderatuur dien tussen Sinodevergaderings as Dagbestuur van die Moderamen.
37.3.6 Indien daar tussen Sinodevergaderings 'n vakature op die Moderatuur sou ontstaan, wys die Moderamen iemand aan om die vakature te vul.
Goedgekeur.

5.26 Bep 37.5.6:
Hy is lid van die Algemene Taakspan Regte en gee aan die Algemene Taakspan Regte kennis van alle gevalle van predikante of proponente wat hul bevoegdheid verbeur het.

5.26.1 Aanbeveling: Vervang “Algemene Taakspan Regte” in die tweede voorkoms met “Algemene Bevoegdheidsraad”.
Goedgekeur.

5.27 Bep 50.1.2 – 50.1.3:
50.1.2 As handleiding in die kategetiese onderrig word die hand- en/of leerboeke wat uitgegee word in opdrag van die Algemene Sinode, gebruik.
50.1.3 Alleen in uitsonderlike gevalle mag die kerkraad toestemming gee dat afgewyk word van die leerplan soos deur die Algemene Sinode aangebied.

5.27.1 Aanbeveling: Skrap 50.1.2 – 50.1.3 en vervang met: “50.1.2 Kerkrade besluit self oor die kategese-benadering en gepaardgaande hulpmiddels om gestalte te gee aan 50.1.1.”
8.27.2 Aanbeveling: Verander die numerering van 50.1.4 na 50.1.3.
Goedgekeur.

5.28 Bep 50.2.4:

Kinders wat die skool verlaat voordat die volle leerplan deurloop is, mag ingeskakel word by die belydenisklas mits die leraar toesien dat die leerstof van die volle leerplan in hoofsake met hulle behandel word.

5.28.1 Aanbeveling: Skrap.
Goedgekeur.

5.29 Bep 50.4.1:
Kategese word in elke gemeente beoefen as deel van die onderrigtende taak van die Kerk (Matt 28: 19, Joh 21: 16). Die kerkraad is direk verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van die kategese-skool sowel as vir die aanstelling van die onderhoofde, sekretaris(se) en kategete.

5.29.1 Aanbeveling: Skrap alles na "kategese" in die tweede sin.
Goedgekeur.

5.30 Bep 50.9 – 54.2, 55.1 – 56.1:

Bepaling 50.9 – Kommissies wat jeugsake hanteer
Kommissies wat jeugsake hanteer word op kerkraads-, rings- en sinodeverband, vir die toepassing en uitbouing van die Kerk se aanvaarde jeugbediening benoem. Hierdie kommissies behartig, in die nouste samewerking met mekaar, die belange van die verskillende aspekte van die kerk se jeugbediening met rapport aan die betrokke kerkvergadering, wat weer aan die volgende meerdere kerkvergadering rapporteer.

Bepaling 52.1 – Die kerkraad se kommissie wat gemeentebediening hanteer
52.1.1 Die kerkraad wys 'n kommissie wat gemeentebediening hanteer aan. Die kommissie word saamgestel volgens eie behoeftes uit kerkraadslede en gemeentelede wat met besondere gawes vir hierdie werk toegerus is. Die Vrouediens (waar dit funksioneer) lewer verslag aan die kerkraad se kommissie wat gemeentebediening hanteer.
52.1.2 Hierdie kommissie gee leiding aan die kerkraad ten opsigte van die toepassing van die Beleid vir Gemeentebediening van die Algemene Sinode in die plaaslike gemeente en werk ten nouste saam met die ooreenstemmende kommissies van die meerdere vergaderings.

Bepaling 52.2 – Die ring se kommissie wat gemeentebediening hanteer
52.2.1 Die ring se kommissie wat gemeentebediening hanteer bestaan uit lede van die ring en verteenwoordigers van die ringskomitee van die Vrouediens (waar dit funksioneer).
52.2.2 Die kommissie mag lidmate op grond van hulle kennis of bekwaamheid in verband met hierdie dienswerk as lede koöpteer.
52.2.3 Die kommissie behartig die toesig oor hierdie dienswerk in ringsverband deur koördinering en beplanning van werksaamhede in die

ringsgebied, leiding en advies aan die ring en kerkrade, reëling van konferensies en kursusse vir lidmate en ampsdraers.

Bepaling 53.1 – Reglement vir die Sending van die NG Kerk
Sending word onderneem volgens die Reglement vir die Sending / Getuienis van die NG Kerk – Algemene Sinode.

Bepaling 54.1 – Die kerkraad se kommissie vir die diens van barmhartigheid
54.1.1 In die lig van die skriftuurlike opdrag van die diakens, dien die hele diakonie as die kerkraad se kommissie vir die diens van barmhartigheid.
54.1.2 Met die oog op doeltreffende funksionering word jaarliks 'n dagbestuur gekies, bestaande uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba, nog een of meer diakens, die leraar en verteenwoordigers uit die Vrouediens en kerkjeugaksies. Die kerkraad behou die reg om lidmate vanweë hulle besondere kennis of bekwaamheid op die dagbestuur te benoem (vgl. Bep.28.6).
54.1.3 Waar 'n Christelik Maatskaplike Diens (afkorting CMD) bestaan, mag 'n maatskaplike werker van die CMD in adviserende hoedanigheid op die dagbestuur gekoöpteer word.
54.1.4 Die dagbestuur, as engere kommissie vir die diens van barmhartigheid, behartig die barmhartigheidsdienste van die gemeente in die nouste samewerking met en met gebruikmaking van die deskundige advies van die maatskaplike werkers van die CMD en met verantwoording aan die diakonie en die kerkraad.
54.1.5 Die diakonie beywer hom vir die getroue uitvoering van die ampspligte van die diakens, benoem sy verteenwoordiging op die CMD en doen gereeld van al sy handelinge, sowel as die van sy dagbestuur, verslag aan die kerkraad.

Bepaling 54.2 – Die ringskommissie vir die diens van barmhartigheid
54.2.1 Die ring benoem twee lede op 'n ringskommissie vir die Diens van Barmhartigheid (RKDB) en elke ringsgemeente wys een verteenwoordiger op die RKDB aan. Hierdie kommissie moet
54.2.1.1 die ring en kerkrade adviseer in verband met behoeftes, probleme en moontlikhede op die terrein van barmhartigheidsdienste in die ringsgebied;
54.2.1.2 projekte en werksaamhede van die gemeente in verband met die diens van barmhartigheid in die ringsgebied koördineer;
54.2.1.3 kerkrade en gemeentes opwek tot getroue beoefening van hierdie dienswerk, onder andere deur middel van konferensies en besoeke aan gemeentes;
54.2.1.4 jaarliks 'n samevattende verslag van sy eie werksaamhede sowel as van die gegewens vervat in die gemeentelike verslae oor die diens van barmhartigheid aan die ring voor te lê.

Bepaling 55.1 – Die dienswerk van gelowiges
Die dienswerk van gelowiges word georganiseer in ooreenstemming met Artikel 55.

Bepaling 56.1 – Leer en aktuele sake
56.1.1 Kerkraad, ring en sinode gee uitdrukking aan Art 56 op ’n wyse wat hulle huishoudelike situasie die beste dien.

5.30.1 Aanbeveling : Skrap bepalings 50.9 – 54.2, 55.1 – 56.1.
Goedgekeur.

5.30.2 Aanbeveling: Pas die numerering by die betrokke Bepalinge aan.
Goedgekeur.

5.31 Bep 54.3 Die Christelike Maatskaplike Diens

5.31.1 Aanbeveling: Voeg ‘n bepaling 54.3.6 by wat lees: “Maatskaplike werkers van die CMD dien verkieslik, met adviserende stem, op die kerkraadskommissies wat barmhartigheid in die rings-gemeentes hanteer.”
Goedgekeur.

5.32 Bep 58.1.3 Kommissie vir diensverhoudinge

5.32.1 Aanbeveling: Skrap die verwysing na Besluite by Art 12, 12b1.1.
5.32.2 Aanbeveling: Sit ‘n voetnota by die opskrif “Diensverhoudinge”: Vgl Reglement vir die bestuur van diensverhoudinge by wangedrag, ongeskiktheid en onvermoë en Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.
Goedgekeur.

5.33 Ander aanbevelings

5.33.1 Die sinodevergadering kies die aangewese getal afgevaardigdes na die AS. Verwys Bep 37.9 (Art 38).
Kennis geneem.
5.33.2 Die sinodevergadering besluit wanneer die volgende sinode-vergadering plaasvind. Verwys Bep 34.1. (Art 34).
Kennis gemeen.

Verwys na nuwe Moderamen vir besluit.
5.33.3 Die Sinodevergadering gee opdrag aan saamgestelde bedieningspanne om die toepaslike dele in Afdelings 3 en 4 van die Bepalinge Lêer te hersien met die oog op goedkeuring deur die Moderamen.
Goedgekeur.
5.33.4 Die Sinode versoek Diensverhoudingekommissies om die nuwe Reglement 14 (Verlof) en bestaande diensooreenkomste met mekaar uit te klaar (Reglement 14 is aangeheg as Addendum 1).
Kennis gemeen.

EERSTE VERSLAG VAN DIE TSSR

1 Afvaardiging na die Algemene Sinode:
KZN Sinode mag per formule (Art 38.1) tans 13 lede stuur. Afhangende van die getalle in 2013, word die laas verkose twee lede provisio gekies.

1.1 Aanbeveling:
1.1.1 Vir praktiese doeleindes werk die sinode met ‘n getal van sewe leraars en sewe kerkraadslede.
1.1.2 Bep 37.9.2 – Die vier lede van die moderatuur is reeds ingesluit in die afvaardiging.
1.1.3 Die sinode kies ‘n verdere drie predikante en sewe kerkraadslede.
1.1.4 Die sinode kies sekundi vir sewe leraars en sewe kerkraadslede.
Hierdie afgevaardigdes geld as sodanig tot die volgende sinodesitting van die NG Kerk in KZN.
Goedgekeur.

Aanbeveling van TSSR:
Die sinode besluit ringe wys twee leraars en twee kerkraadslede aan met die oog op afvaardiging na die Algemene Sinode. Die sinode gebruik hierdie name as groslys waaruit die vereiste getal leraars en kerkraadslede na die Algemene Sinode verkies word.
Goedgekeur.

Voorstel 4:
Voorsteller: Alwyn Landman
Sekondant: A du Toit en Louis Nel
Hiermee insette ter versterking van verwysde saak oor afgevaardigdes na Algemene Sinode:
Ons stel voor dat daar ernstig besin moet word oor die samestelling van die afgevaardigdes na die AS.
Motivering:
1 Kan daar werklik van Algemene Sinode gepraat word as meer as 80% van gemeentes nie werklik sittingsreg het nie?
2 Kritiek op besluite van die Algemene Sinode het sterk vermeerder soos die getalle afgevaardigdes van gemeentes afgeneem het. Vergelyk bloot die toename in felheid van kritiek vanaf 2007 na 2011.
3 Gemeentes voel uitgesluit van die Algemene Sinode en daar word gepraat van “hulle” wat sinode gehou het in plaas van “ons” wat sinode gehou het.
4 Die tydsverloop van inligting wat vanaf die Algemene Sinode kom is bloot nie effektief nie. Kanse word so geskep wat kwaadwillige rapportering en verdagmaking vrye teuels gee.
5 Aangesien die gemeentes op ‘n hersaamgestelde Algemene Sinodesitting sittingsreg behoort te hê, sal die gevoel van ervaring en

deelname van die Algemene Sinode deur gemeenteafgevaardigdes na hulle onderskeie sinodes deurgegee word.
6 Effektiewe kommunikasie kan plaasvind, aangesien daar met eerste ontvangers van die boodskappe en besluite by die Algemene Sinode gewerk word. Die kanse vir verkeerde verstaan van besluite word so geminimaliseer.
7 Besluitneming word drasties verhaas by die Algemene Sinode en die heen en weer verkryging van toestemming of terugvoering wat uiters tydrowend is, word uitgeskakel.
8 Koste behoort nooit ‘n verskoning te wees nie. Daar is baie maniere van kostebesparing en die kerk van Christus is innoverend hiermee.
9 Eienaarskap is ‘n onontbeerlike element van enige organisasie. Met die huidige afvaardigingsmetode na die Algemene Sinode word hierdie element ontken. Gemeentes word die geleentheid ontneem om die Algemene Sinode hulle s’n te maak – hulle is bloot nie daar nie.
10 Kritiek op die besluite van die Algemene Sinode sal verminder, aangesien elke gemeente self daar was en hulle standpunte kon stel.
11 Eenheid sal ‘n hupstoot kry en besluite so geneem sal meer impak maak. Laat 2,500 se stemme opgaan teen 200 en die verskil sal gehoor word.
Goedgekeur.

2 Verteenwoordiging by die verskillende kuratoria – Bepaling 37.10.4:

2.1 Aanbeveling:
2.1.1 Die sinode voeg ‘n nuwe Bepaling 37.10.4 in: “Die verkose aktuarius verteenwoordig die sinode by die Algemene Kuratorium.”
Goedgekeur.
2.1.2 Die sinode handhaaf bepalings 37.10.1.1 tot 37.10.1.3 vir twee jaar waarna die Moderamen afvaardiging na streekskuratoria heroorweeg.
Goedgekeur.

3 Afvaardiging na die ASM

3.1 Aanbeveling:
Die sinode besluit dat die moderator die afgevaardigde na die ASM is en die assessor sy sekundus.
Goedgekeur.

Die Sinode word op ‘n aangrypende wyse afgesluit met ‘n videogreep waar ‘n klomp gelowiges die Messias van Händel in ‘n winkelsentrum uitvoer om te demonstreer ons is Christene op die markplein. Die Skriflesing het gekom uit Johannes 20:19-31.

Pieter Raath lees die verklaring voor (Bylae 7) en die voorsitter spreek die Here se seën oor die vergadering uit.

✞✞✞

Bylae 1 - OPENINGSLITURGIE

Ds PJ Raath

Susters en broers, dis my voorreg om nou verder leiding te neem met die opening van hierdie sinodesitting – nie meer as voorsitter van die vorige sinode nie, maar nou, volgens die nuwe bepaling 5.24.1 ***die afgevaardigde bedienaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is.***

Baie dankie vir almal wat hierdie sitting moontlik gemaak het met ’n horde reëlings en beplanning. Nou die ontwerpspan en visioenêre leierspan het, via die moderamen, vir ons iets moois op die tafel kom sit. Om nie die harde werk van die kantoorpersoneel vlak te kyk nie – hier’s hard gewerk.

Maar met die oog op die verdere goeie kwaliteit van ons byeenkoms moet jy asseblief net weer bietjie gaan kyk na die waardes wat daar, soos by ons vorige Sinodevergadering, vir ons gestel is. Nee, dis nie gestel nie, ons het dit self daar gestel: Positiewe waardering, uitdaginggerig, hoopskeppend, eenvoud en daarmee saam die luisterseisoen se leerbaarheid, wedersydse vertroue, deernis met mekaar en met ander en openheid.

Ek dink Frikkie het dit skitterend uiteengesit in die voorwoord en dis waarby ons wil aanhaak. En natuurlik wil ons ook aanhaak by die tema wat in die voorwoord uitgespel word: *In Christus is ons saam op pad.*

Die Griekse woordjies ***συν ‘οδος*** beteken mos maar gewoon, ***saam op pad, ons is saam op pad.*** En as kerk van ons Here Jesus is ons buitendien in ons Here Jesus Christus saam op pad.

Nou, met die oog daarop gaan ons staan en ’n variasie sing van die ou Rooi Boekie se lied 41. Kom ons sing dit sommer twee keer. Ons staan vir:

Jeugsangbundel 1 variasie 41

Ons aanvaar mekaar in liefde soos ons Heer:
Daar is vrede waar Sy liefde ons regeer.
Mag dan hul wat sien hoe ons die Here dien
ook begeer om van Sy liefde meer te leer.

Susters, broers, in Handelinge 2 kry ons ’n wonderlike storie, dis ’n suksesverhaal van die kerk. En ons wil hoeka tydens hierdie sinodesitting fokus op suksesstories. Ons wil eerstens nie kom verslag doen nie – ons wil ons verhale tot bemoediging en vertroosting met mekaar kom deel.

Terug by die suksesverhaal van Handelinge 2. Elke dominee in hierdie gebou (en van ons kerkraadslede ook) het waarskynlik al by Handelinge 2:42 aangehaak om vier pilare vir ’n geseënde gemeente uit te lig: Dit gaan daar oor toegewyde Bybelstudie (woordverkondiging), toewyding aan mekaar, suiwer bediening van die sakramente en volhardende gebed. Handelinge 2:42 lees mos:

“Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.”

Dikwels voeg mense nog hierby, verwysende na verse wat nou volg: Eensgesindheid, mededeelsaamheid (barmhartigheid) blydskap, lofprysing en wat nog meer. Die gevolg van al hierdie goed, lees ons in vers 47, was dat die hele volk die kerk goedgesind was. En, staan daar dan, "***die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg".***

Alles goed en wel. Maar ek wil julle graag terugvat na die tweede pilaar in vers 42 wat lees: "***Onderlinge verbondenheid!"*** Nou, die '53-vertaling noem hier nog, heel tereg, dat hulle volhard het in ***"die gemeenskap".***

Baie interessant is dat die Latynse vertaling hier die woordjie ***"communicatione"*** is. Communicatione is waarskynlik waar die Britte se "communion", maar ook ons kommunikasie vandaan kom. Hoe ook al, communicatione word deur die woordeboek vertaal met "meedeel". Gesprek. Kommunikasie. En dit is tog waarop 'n vergadering soos hierdie vergadering behoort te fokus (met al ons genoemde waardes) – op onderlinge verbondenheid, op gemeenskap soos geopenbaar in ons gesprekke, ons kommunikasie, met mekaar.

Vriende, God bou en versterk Sy kerk oa deur die feit dat gelowiges met mekaar praat, en dan veral deur die manier waarop ons met mekaar praat. Kommunikeer. Dis een van die redes waarom die hele volk in Handelinge die kerk so goedgesind was: Oor die manier waarop hulle met mekaar, en dalk ook van mekaar, gepraat het.

Nou goed, hoe praat ons, hoe kommunikeer ons, tydens hierdie sinode met mekaar?

Dr. Gustav Gouws het so 'n jaar gelede by geleentheid vir ons tydens 'n ASM-vergadering ses maniere genoem waarop kommunikasie kan plaasvind in verhoudings en tydens vergaderings soos hierdie. Ek gaan dit regtig net kortliks met julle deel:

War – Oorlog – metodiek. Natuurlik moet mens standpunt inneem binne verhoudings en vergaderings. Jy moet ook bereid wees om daarvoor jou alles te gee. Maar pasop vir primitiewe "survival of the fittest" idee – ons is nie hier vir oorlog onder mekaar nie. Daarom, soos aartsbiskop Desmond Tutu by geleentheid gesê het – en dit geld vir verhoudings, maar ook vir debatte: *Moenie jou stem verhef nie, verhef die inhoud van jou argumente.*

Ignore – Natuurlik word selfs 'n dwaas soms as wys geag as hy of sy dit kan regkry om die slag stil te bly. Maar pasop vir infantiele regressie. Stilstuipe. Onthou die luisterseisoen se waardes van leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid. "*Ignore*" kelder dit alles, maar so ook:

Snore – Natuurlik is dit nie nodig dat ek op alles altyd iets sê nie. Maar pasop vir die houding van "ander kan dit uitsorteer – dis nie my saak nie". Dan kan ek wel mos na die tyd sê: Hulle, die sinode, het mos besluit. I.p.v.: Ons het biddend saam geloop en besluit.

Explore – beweeg in mekaar se standpunte in. (Uitdaginggerig – eie waarde). Kom ons waag en beweeg in mekaar se denk- en leefwêrelde in. Kom ons ontdek mekaar se standpunte en mekaar. Nie met die houding van: "Ek weet klaar wat julle dink nie – ek het 'n studie van julle en jul standpunt gemaak." Nee, kom ons beweeg eerder in mekaar se standpunte in met die luisterseisoen se waardes, met ons sinode se verklaarde waardes, en met 'n houding van: "Vertel my meer van hoe jou standpunt die Koninkryk van God die beste gaan dien in KZN."

Score – wen-wen. Dis maar die ou ideaal van Arnold Moll en al diesulkes van dat ons wen-wen moet werk – ook in ons debatte en kuiers en verhoudings. Kom ons wen saam. (Hoopskeppend – eie waarde).
Adore – waardeer. (Positiewe waardering – eie waarde). As ons op die ou end met waardering van mekaar en mekaar se standpunte kan kennis neem en mekaar daarvoor ook regtig waardeer – "*adore*" (al stem ons nie met alles saam nie), dan vermoed ek sou ons aan die einde ook kon terugval in Handelinge 2 in en dit laat sê: "***Die hele volk is ons goedgesind en die Here voeg elke dag mense wat gered word by ons gemeentes."***
Kom ons bid aan ons tafels daarvoor asook vir seën op ons sinode se vergadering – vir so drie minute – daarna sal ek afsluit. Maar voor ons bid lees ek net eers vir julle hoe sê die Boodskap

Handelinge 2:41-47.

Drieminute-gebede: Vergadering, gees, gesindheid, verkiesing.
My slotgebed is lied 532. As julle maar sal staan en dit saam met my sal bid.

Liedboek 532
Ons hou nie hier op nie. In Christus is ons saam op pad en ons glo dat die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees deurentyd op hierdie reis met ons is.

✞✞✞

Bylae 2 - VERSLAG VAN TSSR INSAKE PRESENSIE

1 Teenwoordig met konstituering, dag 1 (15 Oktober 2012)

1.1 RING VAN AMAJUBA

BERGSIG : NEWCASTLE
Predikante
GJ van Jaarsveld
FJ van der Merwe
Kerkraadslede
C Stander
JP Reyneke

DANNHAUSER
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslid
Geen afgevaardigde

DIE KRUIN : NEWCASTLE
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslede
CH Campher
AJ Booysen

DIE PARKE : NEWCASTLE
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslede
DS Wessels
G Wessels

DRAKENSBERG VALLEI : NEWCASTLE
Predikant
RF Erasmus
Kerkraadslid
A Cloete

DUNDEE
Predikant
(Verskoning)
Kerkraadslede
LA Lombard
PJJ Ackermann

DUNDEE-SUID
Predikant
GH Louw
Kerkraadslid
R Vreken

GLENCOE-OOS
Predikant
MG Willemse
Kerkraadslid
JJ Barnard

NEWCASTLE
Predikant
SWP Scott
Kerkraadslid
AJ Venter

NEWCASTLE-SUID
Predikant
H Theunissen
Kerkraadslid
J Labuschagne

UTRECHT
Predikant
MCE Dames
Kerkraadslid
DJ Marais

1.2 RING VAN DURBAN

BEREA
Predikant
RHJ Venter
Kerkraadslid
I de Wet

DURBAN
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslede
KE Davis
E Kleinhans

ESCOMBE
Predikant
CJ Jordaan
Kerkraadslid
P van Pletsen

KRANTZKLOOF
Predikante
BJ Tolmay
JH Viljoen
Kerkraadslede
JT Mynhardt
MH Potgieter

NOORDKUS
Predikant
(Laat registrasie)
Kerkraadslid
LA Nel

PINETOWN
Predikant
ML Human
Kerkraadslid
JJ van Rensburg

PORT NATAL
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslid
H Combrink

UMHLANGA
Predikant
AW Erxleben
(Laat registrasie)
Kerkraadslid
(Laat registrasie)

WESTVILLE
Predikant
A Landman
Kerkraadslede
R de Wet
MM de Wet

1.3 RING VAN DURBAN-SUID

DURBAN-OOS
Predikant
WGF Neethling
Kerkraadslid
J Sayer

DURBAN-WES
Predikant
S Marx
(Verskoning)
Kerkraadslid
H Zwarts
R Naudé
M de Kock

FYNNLAND
Predikant
H Eagleton
Kerkraadslid
J Else

SCOTTBURGH
Predikant
JP Grobler
Kerkraadslid
JPT Fourie

SUIDKUS
Predikante
MW Pienaar
FJ Klopper
(Laat registrasie)
Kerkraadslid
CT Swartz
(Laat registrasie)

1.4 RING VAN LADYSMITH

BERGVILLE
Predikant
GJ Kok
Kerkraadslid
(Laat registrasie)

DANSKRAAL
Predikant
(Verskoning)
Kerkraadslid
PP Lombard

ESTCOURT
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslid
JC Buys

GELOFTE
Predikant
JG Schuler
Kerkraadslid
GHW Dehning

LADYSMITH
Predikante
GM de Lange
LG Schoeman
GS Botha
Kerkraadslede
AJ Human
M van der Berg
CJ van Rensburg

WEENEN
Predikant
HAJ Viljoen
Kerkraadslid
J Nortjé

WINTERTON
Predikant
WA Pieters
Kerkraadslid
BJ Nel

1.5 RING VAN MELMOTH

EMPANGENI
Predikante
C Rossouw
HJ van den Heever
Kerkraadslede
H Kaldenberg
L Kaldenberg

ESHOWE
Predikant
DSM Schoeman
Kerkraadslid
M Snyman

HLUHLUWE
Predikant
NG Sennett
Kerkraadslid
SJ Vermaak

MANDINI
Predikant
(Laat registrasie)
Kerkraadslid
Geen afgevaardigde

MEERENSEE
Predikante
T Naudé
R de Koning
Kerkraadslid
H Pretorius

MELMOTH
Predikant
K van Wyk
Kerkraadslid
Geen afgevaardigde

MTUBATUBA
Predikant
FJ Janse van Rensburg
Kerkraadslid
A Dekker

RICHARDSBAAI
Predikante
PJ Lourens
M Malherbe
Kerkraadslid
Geen afgevaardigde

1.6 RING VAN PIETERMARITZBURG

GREYTOWN
Predikante
WA van Zyl
AC Steyn
PA Swanepoel
Kerkraadslid
B Fourie

HAYFIELDS
Predikante
PJ Meyer
JP Rheeder
Kerkraadslede
P Nel
H Bronner
MS van Rooyen

PIETERMARITZBURG
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslid
MMS van Schalkwyk

PIETERMARITZBURG-NOORD
Predikante
PJ Raath
M Sadie
BJ van Dyk
Kerkraadslede
E Joubert
E de Bruyn
J de Wet

1.7 RING VAN PORT SHEPSTONE

CEDARVILLE-MATATIELE
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslede
WF Botha
JS de Lange

KOKSTAD/SUID-NATAL
Predikant
PJ Fouché
Kerkraadslid
AW du Toit

MARGATE
Predikante
MJ Heaney
DSG Oosthuysen
Kerkraadslede
JM du Preez
WA Maree

PORT SHEPSTONE
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslede
CN Laubscher
SM Laubscher

1.8 RING VAN VRYHEID

LOUWSBURG
Predikant
Geen afgevaardigde
Kerkraadslid
AC Schmidt

PAULPIETERSBURG
Predikant
JH Hattingh
Kerkraadslid
G Beukes

PONGOLA
Predikant
PJ Botha
Kerkraadslid
Geen afgevaardigde

VRYHEID
Predikante
F van Niekerk
DC Klynsmith
Kerkraadslede
GJ Smith
G Lundie

VRYHEID-SUIDOOS
Predikant
DFB Nelson
Kerkraadslid
AM Vogel

VRYHEID-WES
Predikante
HL van Schalkwyk
HAA Bertram

Kerkraadslede
AI Moolman
JH Grobler

2 Laat Registrasie

2.1 RING VAN DURBAN-SUID
Suidkus:
Predikant:
C de Vries
Kerkraadslede:
AI Odendaal
S Berry

2.2 RING VAN MELMOTH
Mandini:
Predikant:
JG de Wet

2.3 RING VAN DURBAN
Noordkus:
Predikant:
AJ Small

Umhlanga:
Predikant:
NJ Janse van Rensburg
Kerkraadslid:
N Korf

2.4 RING VAN LADYSMITH
Bergville:
Kerkraadslid:
DP Theron

Bylae 3 – VERSLAG INSAKE VERKIESING

Volledige besonderhede van die verkiesing van ampsdraers, diensspanne en verteenwoordigers word hier weergegee:

1 MODERATUUR

1.1 Moderator:
Groslys:
Hennie van Schalkwyk
Philip Meyer
SW Scott
Frikkie van der Merwe
Dawie Oosthuizen
Lourens Schoeman
Barry Tolmay
Magdaleen Sadie
Gawie van Jaarsveld
Gert Kok
Mike Heaney
Petrus Fouché
Danie Nelson

Ds. Frikkie van der Merwe word gekies.

1.2 Assessor:
Groslys:
Gawie van Jaarsveld
Barry Tolmay
Hennie Hattingh
Heinrich Theunissen
SW Scott
Mike Heaney
Petrus Botha

Dr. Barry Tolmay word gekies.

1.3 Aktuarius:
Groslys:
Willie van Zyl
SW Scott,
Heinrich Theunissen,
Hennie van den Heever.

Dr. Heinrich Theunissen word gekies.

1.4 Skriba:
Groslys:
SW Scott
Hennie Hattingh
Willie van Zyl
Gert Kok

Ds. Gert Kok word gekies.

Die voorsitter ontvang goedkeuring van die vergadering om die oorspronklike groslys te behou vir die verkiesing van sekundi vir die moderatuur.

1.5 Sekundus Assessor:
Gawie van Jaarsveld
1.6 Sekundus Aktuarius:
SW Scott
1.7 Sekundus Skriba:
Willie van Zyl

2 TAAKSPANNE EN VERTEENWOORDIGERS

2.1 SINODALE BEDIENINGSPAN
2.1.1 Primarii:
Gawie van Jaarsveld (Voorsitter)
Mike Heaney (O/voorsitter)
Jan Viljoen (Skriba)

Philip Meyer
Theo Human
PSD: Ben van Dyk

2.1.2 **Sekundi**:
Lourens Schoeman
Hennie Hattingh
Pieter Grobler
James Sayer (kerkraad Durban-Oos)
Mike Dames
Magdaleen Sadie

2.1.2 Verteenwoordigers:

2.1.2.1 Bybelgenootskap (Durban Streek):
Primarii:
Theo Human
Tewie Potgieter (kerkraad Krantzkloof)
Sekundi:
Pieter Grobler
Hannes Mynhardt (kerkraad Krantzkloof)

2.1.2.2 Bybelgenootskap (Noordelike Streek) :
Primarii:
Charl Rossouw
Hannes Pretorius (kerkraad Meerensee)
Sekundi:
Pieter Lourens
Henk Kaldenberg (kerkraad Empangeni)

2.1.2.8 Predikantebegeleiding
1 Ring van Amajuba:
Primarius: Gawie van Jaarsveld
Sekundus: Mike Dames

2 Ring van Durban:
Primarius: Theo Human
Sekundus: Awie Erxleben

3 Ring van Durban-Suid:
Primarius: Henry Eagleton
Sekundus: Francois Neethling

4 Ring van Ladysmith:
Primarius: Gert Kok
Sekundus: Willie Pieters

5 Ring van Melmoth:
Primarius: Hennie van den Heever
Sekundus: Frank J van Rensburg

6 Ring van Pietermaritzburg:
Primarius: Willie van Zyl
Sekundus: Pieter Nel (kerkraad Hayfields)

7 Ring van Port Shepstone:
Primarius: Mike Heaney
Sekundus: Dawie Oosthuysen

8 Ring van Vryheid:
Primarius: Ferdinand van Niekerk
Sekundus: Neels Klynsmith

2.1.2.12 Ringsverteenwoordigers op KZN CMD Beheerraad
1 Ring van Amajuba:
Primarius: Roelie Erasmus
Sekundus: Gerhard Louw

2 Ring van Durban:
Primarius: Johann Venter
Sekundus: Hennie Combrink (kerkraad Port Natal)

3 Ring van Durban-Suid:
Primarius: Rhona Naudé (kerkraad Durban-Wes)

Sekundus: Jeanne Else (kerkraad Fynnland)

4 Ring van Ladysmith:
Primarius: Gerhard Botha
Sekundus: Herklaas Viljoen

5 Ring van Melmoth:
Primarius: Karlien van Wyk
Sekundus: Loffie Schoeman

6 Ring van Pietermaritzburg:
Primarius: Philip Meyer
Sekundus: Pieter Swanepoel

7 Ring van Port Shepstone:
Primarius: Petrus Fouché
Sekundus: Dawie Oosthuizen

8 Ring van Vryheid:
Primarius: Hennie Hattingh
Sekundus: Danie Nelson

2.2 SINODALE ONDERSTEUNINGSPAN

2.2.1 Primarii:
Loffie Schoeman (Voorsitter)
Johann Venter (Ondervoorsitter)
Petrus Fouché (Skriba)
Annatjie Steyn
Petrus Botha

Sekundi:
Roelie Erasmus
Pieter Grobler

Konsultante
PSD: Ben van Dyk
Edward de Kock
Doretha Swanepoel (deeltyds)
Marinda Meyer (deeltyds)

Reserwe Sekundi
Jannie Schuler
Henk Kaldenberg (kerkraad Empangeni)
Hannes Mynhardt (kerkraad Krantzkloof)

2.2.2 Verteenwoordigers van Werkgewer by Predikante Pensioenfonds:
Primarius: Ben van Dyk
Sekundus: Barry Tolmay

2.3 SINODALE VISIONÊRE LEIERSPAN

2.3.1 Vier Moderatuurslede:
Moderator: Frikkie vd Merwe
Assessor: Barry Tolmay
Aktuarius: Heinrich Theunissen
Skriba: Gert Kok

2.3.2 Plus vier lede:

Primarii:
SW Scott
Willie van Zyl
Philip Meyer
Rupert de Koning
Ben van Dyk (PSD) word gekoöpteer

Sekundi:
Mauritius Pienaar
Francois Neethling
Hennie van Schalkwyk
Dawie Oosthuysen

2.3.3 Verteenwoordigers:
2.3.3.1 ASM
Primarius: Moderator:
Frikkie van der Merwe
Sekundus: Assessor:
Barry Tolmay

2.4 SINODALE SPAN REGTE
2.4.1 **Primarii**:
Heinrich Theunissen (Aktuarius) (Voorsitter)

Frikkie van der Merwe (O/voorsitter)
Pieter Swanepoel (Skriba)
Barry Tolmay
SW Scott
Chris Stander (kerkraad Newcastle)

2.4.1 **Sekundi**:
Fanie Vermaak (kerkraad Hluhluwe)
Tertius Fourie (kerkraad Scottburgh)
Willie van Zyl

2.5 MODERAMEN

2.5.1 Moderatuur:
Moderator: Frikkie vd Merwe
Assessor: Barry Tolmay
Aktuarius: Heinrich Theunissen
Skriba: Gert Kok

2.5.2 Sinodale Bedieningspan:
Mike Heaney
Philip Meyer
Gawie van Jaarsveld
Theo Human
Jan Viljoen
PSD: Ben van Dyk

2.5.3 Sinodale Ondersteuning-span:
Johann Venter
Loffie Schoeman
Annatjie Steyn
Petrus Botha
Petrus Fouché
PSD: Ben van Dyk

2.5.4 Sinodale Visionêre Leierspan:
SW Scott
Willie van Zyl
Philip Meyer
Rupert de Koning

2.5.5 Een lid van Sinodale Span Regte:
Primarius: Pieter Swanepoel

2.5.6 Sinodale personeel:

2.5.7 Verteenwoordigers (2) uit elke ring:

1 Ring van Amajuba:
Primarii:
SW Scott
Roelie Erasmus
Sekundi:
Tewie Willemse
Gerhard Louw

2 Ring van Durban:
Primarii:
Theo Human
Awie Erxleben
Sekundi:
Jan Viljoen
Hennie Combrink (kerkraad Port Natal)

3 Ring van Durban-Suid:
Primarii:
Mauritius Pienaar
Francois Neethling
Sekundi:
Jeanne Else (kerkraad Fynnland)
Samuel Marx
André Hanekom

4 Ring van Ladysmith:
Primarii:
Jannie Schuler
Gerhard de Lange
Sekundi:
Willie Pieters

Herklaas Viljoen

5 Ring van Melmoth:
Primarii:
Tertius Naudé
Fanie Vermaak (kerkraad Hluhluwe)
Sekundi:
Marlize Malherbe
Henk Kaldenberg (kerkraad Empangeni)

6 Ring van Pietermaritzburg:
Primarii:
Annatjie Steyn
Magdaleen Sadie
Sekundi:
Jamie Rheeder
Eugene Joubert (kerkraad Pietermaritzburg-Noord)

7 Ring van Port Shepstone:
Primarii:
Dawie Oosthuyzen
Mike Heaney
Sekundi:
Petrus Fouché
Chris Laubscher (kerkraad Port Shepstone)

8 Ring van Vryheid:
Primarii:
Petrus Botha
Hennie van Schalkwyk
Sekundi:
Hennie Hattingh
Ferdinan**d** van Niekerk

2.5.8 Vier kerkraadslede wat nie leraars is nie, deur die Sinodevergadering aangewys (met gemeentename):
Primarii:
Eugene Joubert (kerkraad Pietermaritzburg-Noord)
Chris Stander (kerkraad Newcastle, Bergsig)
Fanie Vermaak (kerkraad Hluhluwe)
Hannes Mynhardt (kerkraad Krantzkloof)
Sekundi:
Hennie Combrink (kerkraad Port Natal)
Tewie Potgieter (kerkraad Krantzkloof)

2.6 AFGEVAARDIGDES NA ALGEMENE SINODE
2.6.1 Moderatuur:
Moderator: Frikkie vd Merwe
Assessor: Barry Tolmay
Aktuarius: Heinrich Theunissen
Skriba: Gert Kok

2.6.2 Drie Leraars:
Primarii:
SW Scott
Magdaleen Sadie
Willie van Zyl

Sekundi vir bogenoemde sewe leraars (volgorde vir oproeping):
1 Ben van Dyk
2 Gawie van Jaarsveld
3 Philip Meyer
4 Annatjie Steyn
5 Frans Klopper
6 Dawie Oosthuysen
7 Marlize Malherbe

2.6.2 Sewe Kerkraadslede:
Primarii:
1 Herklaas Viljoen (Weenen)

2 Pieter Nel (Hayfields)
3 Louis Nel (Noordkus)
4 Barry Nel (Winterton)
5 Chris Stander (Newcastle)
6 Rene Vreken (Dundee-Suid)
7 Gert Smith (Vryheid)

Sekundi: (in volgorde)
1 Fanie Vermaak (Hluhluwe)
2 Hannes Mynhardt (Krantzkloof)
3 Willie Maree (Margate)
4 Eugene Joubert (Pietermaritzburg-Noord)
5 Jean Else (Fynland)
6 Henk Kaldenberg (Empangeni)
7 At Moolman (Vryheid-Wes)

2.7 VERTEENWOORDIGERS BY TEOLOGIESE FAKULTEITE

2.7.1 Algemene Kuratorium:
Primarius: Heinrich Theunissen
Sekundus: Barry Tolmay

2.7.2 Universiteit Pretoria:
Primarius: Frans Klopper
Sekundus: Barry Tolmay

2.7.3 Universiteit Bloemfontein:
Primarius: Dawie Oosthuysen
Sekundus: Lourens Schoeman

2.7.4 Universiteit Stellenbosch:
Primarius: Frikkie van der Merwe
Sekundus: Barry Tolmay

Bylae 4 – GROETEBOODSKAPPE

THE UNITING PRESBYTERIAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA
Presbytery of Drakensberg
16 October 2012

Dear Rev van der Merwe
Thank you so much for the kind invitation to your Synod meeting and to the luncheon. It is with regret that I must say that I am unable to attend due to other commitments.

We pray that your meeting will be a blessing for all who attend. We believe that it is vitally important that Churches, especially Reformed Churches, work together in God's mission in the world as we address challenges in our country.
We commend you for your decision to endorse the Belhar Confession at your General Synod last September, and appreciate your initiatives in working towards unity in the Dutch Reformed family. We pray for the unity of all Reformed Churches and other Christians in South Africa as a sign of Christian witness.

We were so pleased to hear that the Uniting Reformed Church in Southern Africa have decided to lift their moratorium on unity talks and we pray that it will lead to organic unity. We are most grateful that we, the UPCSA, were able to play a significant role in this process through the mediating work of our General Secretary, the Rev Dr Jerry Pillay.

May the Lord our God who is faithful in all His ways, guide you and grant you wisdom as you seek to know His will for the Church. Please be assured of our prayers at this time.

Yours sincelery in Christ
Rev Joan Brummer
(Clark of Presbytery of Drakensberg)

CHURCH OF ENGLAND IN SOUTH AFRICA
To: NG Kerk in KZN
17th October 2012

Thank you for allowing me the opportunity te address your Synod. I bring you Christian greetings from our Presiding Bishop, Bishop Desmond Inglesby and the Church of England in South Africa. Our denominations have a common historical

and theological heritage in the Protestant Reformation of the 16th century. At the heart of the Protestant Reformation was the affirmation *"ecclesia semper reformands, semper reformanda" : "... the church is always reformed, always reforming."* Correctly understood, it reminds us that we need to constantly be bringing the church back to true Biblical doctrine for which the reformers fought and shed their blood. Never has this been more true than in our day. On every front churches and denomination are abandoning the old paths and turning to myths and the doctrines of man.

During the Reformation the "five solas" were developed in response to the perversions of truth that were being taught. They became the great foundational rallying cry of the Protestant reformation - "Sola Scriptura" (Scripture Alone); "Sola Gratia" (Grace Alone; "Sola Fide" (Faith Alone); "Solus Christos" (Christ Alone); and "Soli Deo Gloria" (To God Alone Be Glory).

Our only sure foundation for faith and practice is scripture alone. Our only hope for salvation is based on grace alone. We are justified by faith alone, a faith which lays hold of the righteousness of Christ that God freely credits to the account of those who trust in the merits of Christ Alone, and in everything God alone is glorified.

Today, much of Protestantism has seen a regress to many of the same corruptions faced in the past. It is a pressing need for the Christian Church to reaffirm and champion anew the "five solas" which underlay and gave impetus to the Protestant Reformation.

"I charge you in the presence of God and of Christ Jesus, who is to judge the living and the dead, and by his appearing and his kingdom: preach the Word; be ready in season and out of season; reprove, rebuke, and exhort, with complete patience and teaching. For the time is coming when people will not endure sound teaching, but having itching ears they will accumulate for themselves teachers to suit their own passions, and will turn away from listening to the truth and wander off into myths. As for you, always be sober-minded, endure suffering, do the work of an evangelist, fulfill your ministry." (2 Timothy 4:1-5 ESV).

May I take this opportunity to wish you God's richest blessing on your Synod.
Bishop Desmond Inglesby.

NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
17 Oktober 2012

Ons groet u in die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus, die enigste Heer en Hoof van die Kerk.
Dit is 'n besonderse voorreg om by die geleentheid enkele gedagtes met u te kan deel, veral omdat ons twee kerke soveel in gemeen het en op soveel terreine saamwerk om ons roeping te vervul. Wanneer 'n mens deur u agenda blaai, is dit opvallend dat daar soveel sake in die brandpunt is wat op u vergadering gaan dien, en wat ook op ons Algemene Kerkvergadering gedien het en nog steeds verdere studie vereis en in die teologiese debatvoering aan die orde kom.

Hier dink ‘n mens aan sake soos Skrifbeskouing, die Belydenis van Belhar, diversiteit, saamwoon, kerklike huwelike, ekklesiologie en missionaat en nog vele meer. Van hierdie sake het selfs die potensiaal om kontroversieel te raak omdat dit u verhouding met kerke raak wat op dieselfde belydenisgrondslag as u is. Ons sien met groot afwagting uit na die uitkoms van u vergadering. Sake soos Skrifbeskouing, belydenisskrifte en diversiteit word maklik onder teoloë bespreek. Vir teoloë is dit miskien nog maklik om mekaar oor Skrifbeskouing te vind, maar hoe verduidelik jy dit aan lidmate op aanvaarbare en verstaanbare wyse. Diversiteit is ‘n gegewene, maar dit lei dikwels tot baie spanning en onverdraagsaamheid. Die uitdaging is om die eenheid te midde van die verskeidenheid te bewaar.

Die uitdaging vir die kerk is enorm, gewoon omdat die wêreld met behulp van die tegnologie teen so ‘n geweldige tempo verander. Lidmate laat hulle nie noodwendig voorskryf nie en staan baie krities teenoor die kerk. Lidmate kan tans met behulp van hul i-Pad modem en selfone inligting op die internet kontroleer. Die kerk aan die anderkant verander met sy eie bekwame spoed. Die kerklike strukture laat hom nie aanjaag nie. Die boodskap verander nie, en wanneer daar pogings is om die vorm daarvan te verander dan stuit mens teen verskillende spiritualiteitstipes wat in die kerk verteenwoordig is. Party soek sekerheid in die geykte vorme waaraan hulle gewoond is, ander soek voortdurende vernuwing en aktualisering. Bo alles klink die wekroep van die Gereformeerde kerklike teologie nl. “Ekklesia semper reformanda ets”. Dit aan die een kant. Aan die ander kant staar die kerk die werklikheid van inkrimping in die gesig. Gemeentes moet noodgedwonge amalgameer en kerkgeboue verkoop. As waarskuwingsligte lees ons dat waar die Christendom min of meer konstant gebly het rondom 33% van die wêreldbevolking, het die Islam van 12% tot 19% gegroei. Neem ‘n mens nou nog hiermee saam kennis van baie hoofstroomkerke oor die wêreld heen wie se getalle krimp, maak dit ‘n mens tog bekommerd. Daar is selfs stemme wat opgaan dat die tyd van die kerk verby is en dat ons leef in die tyd van die sg pos-Christendom.

Die grootste fout wat die kerk kan maak is natuurlik dat statistieke sy dryfveer word. Getalle sê seker iets, maar nie noodwendig oor die inhoud en kwaliteit van die geloofslewe nie. Vir my is dit daarom inspirerend om in u agenda te sien dat u die fokus op die regte plek laat val, naamlik dinamies kerkwees, die viering van die evangelie. Dit is die uitdaging om voortdurend te vra na die wil van God vir die kerk. Wat moet ons doen om getrou te wees aan God?

Ons dink ook dat dit vir die kerke ‘n blye dag sal wees as ons onderskeie studiekommissies ook kan saam werk en gemeenskaplike verslae voorgelê kan word, veral oor kontroversiële sake. Dalk word die droom dan ‘n werklikheid dat die kerk uit een mond kan spreek! Dit kan dalk help om teenstrydighede te beperk. Dink maar net as ons byvoorbeeld oor saamwoon en homoseksualiteit gesamentlik verslae kon voorlê hoeveel groter gesag dit sou gedra het by ons onderskeie sinodes.

Die samewerking tussen die twee kerke het die afgelope aantal jare baie uitgebrei tot groot vrug van beide kerke. Hier dink ek aan die veelkerklike teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, waar die samewerking buitengewoon goed is en daar ook kruisbestuiwing plaasvind. Ons het ook daarin geslaag om ‘n bilaterale

ooreenkoms te sluit wat samewerking soveel makliker maak. Een van die uitvloeisels hiervan is dat veral op die platteland waar getalle van beide kerke sodanig afgeneem het dat selfstandige bediening finansiëel net nie meer haalbaar is nie, daar nou baie plekke gesamentlike bediening plaasvind. Hier in KZN beleef ons 'n baie geseënde samewerking en wedersydse hulp. Mag ons daarop voortbou.

Namens die Hervormde Kerk bid ek u 'n baie vrugbare en geseënde vergadering toe. In die woorde van Rom 15:13:
"Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees."

Thomas Dreyer
N H Kerk

KWAZULU-NATAL CHRISTIAN COUNCIL
To SYNOD OF THE DUTCH REFORMED CHURCH
16 October 2012

Dear Brothers and Sisters
Greetings in the Name of our Lord!
Thank you for the invitation to attend your Synod. It is indeed a privilege!
Thank you also for inviting me as CEO of KZNCC to submit this message of greeting on behalf on KZNCC.

We live in a time of rapid and dramatic change, demanding of us to be agile as leaders, churches and organisations. No doubt the Dutch Reformed Church is also continually grappling with these changes, whether from the external or internal environment. Your meeting and Agenda for this week speak of this.
One of the challenging changes that face KZNCC at present is the SACC situation. Please allow me to briefly reflect on the changes taking place and also bring clarity on its impact on KZNCC. The SACC has run out of funding and this has forced the national executive committee to retrench all staff, and find ways to start afresh. We ask you to pray for this situation and to discuss how you can offer support to the KZNCC.

In the light of the strategic shifts made some time ago by KZNCC in order to tackle and manage change, the impact of the SACC's situation has been minimal. Although affiliated with the SACC, KZNCC functions independently, constantly re-imaging its role in the Province, whilst remaining true to its values and principles.

KZNCC sees its role as servant leadership, meeting and consulting with its member churches and organisations in the process of indentifying projects and areas for intervention. It is importantt for us to keep abreast of trends in the churches and ecumenical movements. Thank you once again for this opportunity to do just this.

At present we focus on the following programmes:

- Churches' Provincial Advocacy (Engaging with public policies from a faith perspective)
- Ecumenical Democracy Development Programme
- Healing of Memories and Reconciliation
- KZN Land Issue Programme

We are keen to discuss networking and partnership on these and other interventions with the DRC in the Province to see how we can join hands in tackling the serious social challenges that face us.
We are deeply grateful for the support we are already getting from Rev SW Scott and Rev Ben van Dyk.

Yours in Christ
CEO KZNCC

METHODITS CHURCH OF SOUTHERN AFRICA
17th October 2012

Greetings to the Synod of the DRC in KZN.

I am here to bring warm Christian greetings on behalf of the Bishop of the Natal West district in the Methodist Church of Southern Africa. It is indeed a joy and a privilege to be among you as a fellow and a co-worker in God's vineyard, as you collectively discern God's call and will for this, His church at this particular time.

May I remind you of the woundedness that is facing our continent, our country and most particularly our KwaZulu Natal Province as you meet at this Synod. The economic crisis that hit us in 2009 is looming at us once again. The pain of Somalia and Sudan continues to disturb the whole world. Protesters meeting with deadly brutality have become the order of the day. We are still in shock as we try to understand the tragedy of Marikana Massacre in the North West Province, where not less than 44 people died, 34 of whom were shot within a brief moment of less than ten minutes. Our province is almost on the verge of reverting us back to the past times of political violence resulting in bloodshed as emotions and tensions in the political sphere are rising to unbelievable degrees. The recent spate of killings in the province and the latest gunning down of a human being in full view of bystanders, media people and police outside the Ntuzuma Magistrate's Court still leaves much to be desired. This calls for us as Christians to become a healing balm to this state of woundedness.

I pray that this would be a time for you in which God the Holy Spirit will inspire you to indentify opportunities for mutual colaboration, dialogue and sharing of gifts and resources with other sister churches so that together as a Christian Church become a healing community. I also pray that as you deliberate on issues before this synod, you will be obedient to the promptings of the Holy Spirit. I am convinced that the Dutch Reformed Church has a unique divine call to be a healing and transforming community and can make a positive difference in reversing the effects of the evil

triplets of unemployment, inequality and poverty in our society. We cannot look the opposite direction with so much need and suffering around us.

As I conclude Sir / Madam, I would like to end with the question raised by Prophet Jeremiah in 8:22, when he said: *“Is there no balm in Gilead? Is there no physician? Why then is there no healing for the wound of my people?”*

Bylae 5 – OPSOMMING : LUISTERPROSES – Prof Nelus Niemandt

1 Die sinode voel dat die tema ***"In Christus saam op pad"*** baie aspekte van die sinode se identiteit en selfverstaan raakvat.

2 Die sinode kies vir 'n grondhouding en benadering van onderskeiding. Daaruit ontwikkel 'n sterk gehoefte om gereeld saam met ander gemeentes, maar ook as NG-familie saam te kom en te onderskei. Daar is ook 'n sterk behoefte om meer te wete te kom oor en saam te oefen aan spiritualiteit. Dit is veral 'n soort spiritualiteit wat die gedagte van ***"In Christus saam op pad"*** ondersteun. Dit moet ook die gebedslewe versterk.

3 Die sinode is oortuig dat daar gewerk moet word aan eenheid - saam op pad wees. Dit sluit onderlinge verhouding tussen gemeentes, eenheid in die NG kerkfamilie en ook ekumene in. Daar is 'n sterk behoefte aan onderlinge verbondenheid (koinonia).

4 Die sinode erken dat gemeentes nie net bestaan ter wille van ons lidmate nie, maar as gestuurdes gefokus is op dit wat die Gees reeds in ons gemeenskappe aan die doen is. Ons is bewus dat ons moet deelneem aan die lewe wat die Gees bring. Daar is 'n sterk oortuiging dat die kerk God se liefde moet bekend maak. Daar is 'n sterk oortuiging dat die kerk veral moet help waar daar nood en hartseer is, veral armoede. Een van die beproefde maniere om te help is deur vaardigheidsopleiding.

5 Die sinode onderskei 'n sterk roeping om uit te reik na jongmense, en dit gaan wyer as net jongmense uit die NG Kerk. Dit sluit ook jongmense uit ander kulture in.

6 Die sinode besef dat daar gedink moet word aan en gewerk moet word aan nuwe moontlikhede oor kerkplanting en om nuwe gemeenskapsvorming te fasiliteer.

7 Die bemagtiging van lidmate moet hulle help en in staat stel om deel te neem aan God se werk. Dit sluit die skoling van lidmate in, maar ook die verandering van strukture om lidmate se dienswerk (amp van die gelowige) en gawes meer tereg te laat kom.

8 Die sinode het die volgende voorstel genoem wat kan help om die prosesse en werksaamhede te ondersteun:

- Deursigtigheid en eerlikheid
- Waagmoed
- Respek
- Aanvaarding van mekaar

- Deernis

9 Die sinode erken en is dalkbaar oor die baie verhale van lidmate en gemeentes wat ‘n verskil in ons gemeenskap maak. Die sinode is oortuig dat ons by mekaar kan leer en vra dat die leierskap aan die volgende sake aandag gee:

- Om ‘n netwerk te fasiliteer wat dit moontlik maak om onderling by mekaar te leer.
- Om die verhale onder mekaar se aandag te bring, sodat dit as voorbeeld en inspirasie kan dien
- Om kundigheid op te bou en met mekaar te deel oor die rol van opleiding om armoede aan te spreek.

10 Die sinode sien die baie tydelike en permanente “vreemdelinge” wat in ons gemeenskappe in beweeg as ‘n geleentheid om God se liefde en gasvryheid te verkondig en uit te leef. Dit sluit moontlikhede en versorgingsaksies en kerkplanting in.

✞✞✞

Bylae 6 – VERKLARING

In Christus saam op pad

Al die lof, eer en dank aan God die Vader van ons Here Jesus Christus, wat 0,3% van KZN se bevolking geseën het tot ‘n seën vir nege miljoen ander. Ons prys Hom dat Hy die NG Kerk in KZN vertrou om ‘n verskil te maak op ons reis deur hierdie wêreld.

Tydens die afgelope week se saamreis kon ons iets van hierdie verskil sien. Ons kon dit beleef toe gemeentes, ringe en diensspanne ‘n wyle vertoef het om na mekaar se reisbeskrywings te luister en hul eie reisplanne verder uit te pak.

Uit hierdie verhale het ons opnuut met groot dankbaarheid en opgewondenheid besef:

- Ons God en Here is en bly in volle beheer. As Immanuel en troue Verbondsgod is Hy saam met ons op pad. Op hierdie pad lei, versorg en verras Hy ons telkens met Sy oorvloedige genade.
- Ons gemeentes en ringe, vanuit stad en platteland, vat saam hande om op ons reis deur hierdie lewe ‘n verskil te maak in die nood en ellende van al die gemeenskappe in ons provinsie.
- In ons eenwees met ons familie (VGKSA en RCA) steek ons grense oor om in ons Here Jesus Christus versoening en geregtigheid binne ons gemeenskappe te bewerk – dit alles sodat die wêreld kan glo.
- Saam met ons reisgenote uit ander denominasies bemoedig en vermaan ons die sisteme binne ons provinsie op ‘n manier wat God se Koninkryk uitbou en dien.

Alle eer aan God Drie-enig – Vader, Seun en Heilige Gees!

✞✞✞

Bylae 7 – BESLUITEREGISTER (Alfabeties)

Administratiewe reëlings (Notule, bladsy 5)

10.3.2.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die reëlings vir die Sinodevergadering goed.
Goedgekeur.

Afvaardiging na die Algemene Sinode (Notule, bladsy 25)

1.1 Aanbeveling:
1.1.1 Vir praktiese doeleindes werk die sinode met ‘n getal van sewe leraars en sewe kerkraadslede.
1.1.2 Bep 37.9.2 – Die vier lede van die moderatuur is reeds ingesluit in die afvaardiging.
1.1.3 Die sinode kies ‘n verdere drie predikante en sewe kerkraadslede.
1.1.4 Die sinode kies sekundi vir sewe leraars en sewe kerkraadslede.
Hierdie afgevaardigdes geld as sodanig tot die volgende sinodesitting van die NG Kerk in KZN.
Goedgekeur.

Aanbeveling van TSSR (Notule, bladsy 26)
Die sinode besluit ringe wys twee leraars en twee kerkraadslede aan met die oog op afvaardiging na die Algemene Sinode. Die sinode gebruik hierdie name as groslys waaruit die vereiste getal leraars en kerkraadslede na die Algemene Sinode verkies word.
Goedgekeur**.**

VOORSTEL (Notule, bladsy 26):
Voorsteller: Alwyn Landman
Sekondant: A du Toit en Louis Nel
Hiermee insette ter versterking van verwysde saak oor afgevaardigdes na Algemene Sinode:
Ons stel voor dat daar ernstig besin moet word oor die samestelling van die afgevaardigdes na die AS.
Motivering:
1 Kan daar werklik van Algemene Sinode gepraat word as meer as 80% van gemeentes nie werklik sittingsreg het nie?
2 Kritiek op besluite van die Algemene Sinode het sterk vermeerder soos die getalle afgevaardigdes van gemeentes afgeneem het. Vergelyk bloot die toename in felheid van kritiek vanaf 2007 na 2011.
3 Gemeentes voel uitgesluit van die Algemene Sinode en daar word gepraat van “hulle” wat sinode gehou het in plaas van “ons” wat sinode gehou het.
4 Die tydsverloop van inligting wat vanaf die Algemene Sinode kom is bloot nie effektief nie. Kanse word so geskep wat kwaadwillige rapportering en verdagmaking vrye teuels gee.
5 Aangesien die gemeentes op ‘n hersaamgestelde Algemene Sinodesitting sittingsreg behoort te hê, sal die gevoel van ervaring en deelname van die Algemene Sinode deur gemeenteafgevaardigdes na hulle onderskeie sinodes deurgegee word.

6 Effektiewe kommunikasie kan plaasvind, aangesien daar met eerste ontvangers van die boodskappe en besluite by die Algemene Sinode gewerk word. Die kanse vir verkeerde verstaan van besluite word so geminimaliseer.
7 Besluitneming word drasties verhaas by die Algemene Sinode en die heen en weer verkryging van toestemming of terugvoering wat uiters tydrowend is, word uitgeskakel.
8 Koste behoort nooit ‘n verskoning te wees nie. Daar is baie maniere van kostebesparing en die kerk van Christus is innoverend hiermee.
9 Eienaarskap is ‘n onontbeerlike element van enige organisasie. Met die huidige afvaardigingsmetode na die Algemene Sinode word hierdie element ontken. Gemeentes word die geleentheid ontneem om die Algemene Sinode hulle s’n te maak – hulle is bloot nie daar nie.
10 Kritiek op die besluite van die Algemene Sinode sal verminder, aangesien elke gemeente self daar was en hulle standpunte kon stel.
11 Eenheid sal ‘n hupstoot kry en besluite so geneem sal meer impak maak. Laat 2,500 se stemme opgaan teen 200 en die verskil sal gehoor word.
Goedgekeur.

Afvaardiging na ASM (Notule, bladsy 27)
3.1 Aanbeveling:
Die sinode besluit dat die moderator die afgevaardigde na die ASM is en die assessor sy sekundus.
Goedgekeur.

Bepalinge Lêer : Wysigings en hersiening (Notule, bladsy 16)
5.1.1 Aanbeveling: Die SSR kry opdrag om die nodige redaksionele veranderinge in die Bepalinge Lêer insake benaminge en verwysings (byvoorbeeld na KO artikels en Reglemente) wat verander het, aan te bring.
Goedgekeur.

Verwys na nuwe Moderamen vir besluit (Notule, bladsy 25):
5.33.3 Die Sinodevergadering gee opdrag aan saamgestelde bedieningspanne om die toepaslike dele in Afdelings 3 en 4 van die Bepalinge Lêer te hersien met die oog op goedkeuring deur die Moderamen.
Goedgekeur**.**

Besluite ten opsigte van wysigings in die Bepalinge Lêer word in die Notule op bladsy 16 tot 27 weergegee.

Bybelgenootskap (Notule, bladsy 9)
6 Aanbevelings:
6.1 Dit word aanbeveel dat die Sinode verteenwoordigers sal aanwys vir elk van die streekkomitees vir ‘n nuwe termyn van drie jaar naamlik een geordende primariuslid asook ’n geordende sekunduslid plus een ongeordende primariuslid en ’n ongeordende sekunduslid (verkieslik ’n sakeman en/of ouderling), dws vier lede per

streekkomitee. (Dit sal waardeer word as verteenwoordigers binne redelike bereikbare afstand van die streek se Bybelsentrum woonagtig sal wees.)
Goedgekeur.

Hulpverlening aan RCA en VGKSA gemeentes (Notule, bladsy 13)
3. Die Sinode besluit dat die SBS die hele saak van hulpverlening aan die RCA, URCSA en gemeentes soos volg hanteer:
Die hele saak van hulpverlening word deur die SBS hanteer, met 2 werkgroepe wat die toewysing aan gemeentes hanteer.
i. 'n Groep wat die gemeentes van die RCA & VGKSA se toedeling doen, word saamgestel uit verteenwoordigers van al drie kerke en funksioneer onder toesig van die KZN Outreach (ou Sendingkommissie), met verslag aan die SBS.
ii. 'n Groep wat die NGK gemeentes se toedeling doen funksioneer onder toesig van die SBS.
R 15 miljoen uit die algemene reserwe fondse van die sinode as 'n gemeente-ondersteuningsfonds is vir die doel goedgekeur.
i. Die opbrengs word vir gemeente-hulpverlening aangewend.
ii. Vir die gemeentes van die VGK en RCA word die bedrag vir die huidige tot ’n maksimum bedrag van: R 1,1 miljoen vasgepen.
iii. Die opbrengs meer as R 1,1 miljoen word vir NGK hulpverlening aangewend.
iv. Indien die volle bedrag opbrengs nie gebruik word nie, word dit gekapitaliseer.
Goedgekeur**.**

VOORSTEL (Sakelys, bladsy 147; Notule, bladsy 14)
Voorsteller: Mike Heaney
Sekondant: Marthinus van Rooyen
Die goedkeuring van aanbeveling 16.3 van die SOS verslag impliseer dat ‘n plafon op die subsidiëring van salarisse van leraars en evangeliste in die VGK en RCA geplaas word. Derhalwe doen die sinode ‘n beroep op gemeentes om biddend te oorweeg om op groter skaal betrokke te raak by hulpverlening aan VGK en RCA gemeentes, veral gesien in die lig daarvan dat behalwe die GEM-gebied ook Makatini, Msinga en Suid Natal streek op die tafel van die sinode kom. In die lig hiervan moet gemeentes ook gewillig wees om betrokke te raak by die ontwikkeling van ander gemeentes en ringe om self die tekorte aan te spreek.
Goedgekeur.

VOORSTEL: Sendingbegroting Makatini en Msinga (Notule, bladsy 14)
Voorsteller: Mike Heaney
Sekondant: Marthinus van Rooyen
Die sinode dra dit aan die SOS en relevante rolspelers op om weë/wyses te vind om die tekorte op die sendingbegroting te Makatini en Msinga te help subsidiëer/ ondervang.
Goedgekeur.

KZN CMD Direkteurspos (Notule, bladsy 8)
Die sinode besluit:

- Die vakante PSD-Gemeenskapsbedieninge-pos, wat insluit die pos van Direkteur KZN CMD, word nie dadelik gevul nie.Hierdie PSD-pos bly voorlopig voortbestaan as ‘n vakature.

- Vir die tussentyd word die funksies en die pligte van die Direkteur KZN CMD verdeel tussen bekwame personeel wat tans in diens van die KZN CMD is. (Daar is drie waarnemende Direkteursposte geskep wat die volgende velde bedien: Maatskaplike werk aangeleenthede; Menslike Hulpbronne; en Skakeling.)
- Om deurlopend die sake van die KZN CMD te bestuur word ‘n Bestuurspan saamgestel, bestaande uit sewe hoofspelers binne die organisasie, wat gereeld onder die voorsitterskap van ds Philip Meyer vergader.
- ‘n Jaarlikse subsidie van R300,000 vanuit die begroting van die NG Kerk in KZN word aan KZN CMD betaal. (In die begroting word o.a. voorsiening gemaak vir ‘n jaarlikse oorbetaling van R50,000 aan die drie Kinderhuise, asook R36,000 aan NG Kerk Hayfields en R50,000 aan enkele Maatskaplike Werkers vir die uitkoop van dienste om die Direkteursfunksies voort te sit.)
- Die huidige PSD-Gemeentebediening, ds Ben van Dyk, is verantwoordelik vir alle PSD-kerklike funksies.
- Die SBS begelei ds Ben van Dyk in die uitwerk van ‘n nuwe posbeskrywing na die sinodevergadering.
- Bostaande is ‘n interimmaatreël vir, voorlopig, twee jaar. Verslag en toekomsaanbevelings word gedoen aan die Moderamenvergadering nie later as September 2014 nie.

Goedgekeur.

Lidmaattoerustingsprogram (Notule, Riglyne: bladsy 5, besluit : bladsy 7)

2.3.1 Aanbevelings:

2.3.1.1 Die Sinode keur die “Riglyne vir die opleiding van gelowiges in KZN” goed, met byvoeging van die volgende by 5.5: “asook die ring (vgl. Artikel 48.3.5.”).

2.3.1.2 Die Sinode versoek die SSR om die “Riglyne vir die opleiding van gelowiges in KZN” in die Bepalingelêer op te neem.

Goedgekeur.

Ondersteuning van Projekte (Notule, bladsy 11)

Aanbeveling TSOS:

Die sinode besluit dat die status quo gehandhaaf word en dat bogenoemde aanbevelings nie goedgekeur word nie.

Goedgekeur.

Predikante Pensioenfonds – Bestuur en verteenwoordiging (Notule, bladsy 12)

1. Die Sinode besluit dat die Pensioenfonds van die VGK predikante soos volg bestuur word:

a. Dat ’n beleggingsrekening in die boeke van die Sinode oopgemaak word in die naam van elke betrokke leraar op dieselfde basis as ander beleggings by die Sinode.

b. Dat rente maandeliks bygevoeg word teen dieselfde koers as wat ons aan ander betaal (prima min 5%).
c. Dat die balans van die betrokke persoon se belegging dan op ouderdom 65 uitbetaal word of wanneer die persoon voor 65 sterf.
d. Dat ons jaarliks 'n staat aan die betrokke persoon stuur met die saldo van die rekening.

Goedgekeur.

VOORSTEL: (Notule, bladsy 16)
Die Sinode besluit dat ds BJ van Dyk (Prim) en dr Barry Tolmay (Sek) die werkgewer verteenwoordig by die Predikante Pensioenfonds en Groepskemas.
Goedgekeur.

Sinodale Bedieningspan: Samestelling (Notule, bladsy 10)
Aanbeveling: Die SBS word saamgestel uit ses lede (PSD plus nog 5 lede).
Goedgekeur.

Sinodale Bydraes : Formule (Notule, bladsy 14)
5. Die Sinode besluit dat die huidige formule vir Sinodale bydraes soos volg gewysig word:
Geen inflasie aanpassing in die toekoms nie.
Die persentasies verander soos volg:
- Predikantsposte 4%
- Skuld 6%
- Balans 9%

Die res van die formule bly dieselfde.
Die besluiteregister Deel 6 word ook soos volg gewysig:
a. bl 9, punt 2.2 die volgende sin word geskrap: "en deur die SOS aangepas met 'n bedrag wat nie hoër is as die amptelike inflasiekoers nie (VPI indeks)".
b. bl 10, punt 6.1.3 word verander na: "9% op die res van die inkomste van die gemeente".
c. bl 10, punt 6.11 word bygevoeg: "Enige bydrae van 'n gemeente aan die CMD word afgetrek van die inkomste van die gemeente voor Sinodale bydraes daarop bereken word".
d. bl 14, punt 15: die volgende sin word geskrap: "alleenlik addisionele kollektes".
Goedgekeur.

Sinodale Kollektes : NID (Notule, bladsy 15)
7. Die Sinode besluit dat kollektes vir en bydraes aan die NID (Nasionale Instituut vir Dowes) vir teologiese opleiding by NID vrygestel word van sinodale bydraes.
Goedgekeur**.**

Sinodale Personeel : Verlof (Notule, bladsy 16)
Aanbeveling: Die sinode keur goed dat die kantoorpersoneel een ekstra dag verlof ontvang uit waardering vir die harde werk om gereed te maak vir die Sinodevergadering.
Goedgekeur.

Sinodale Sentrum : Verkoop (Notule, bladsy 15)
8. Die Sinode besluit dat die Sinodale Sentrum nie aan Netcare verkoop word nie.
Goedgekeur.

Subsidiëring van Mediese Fondsbydraes (Notule, bladsy 13)
Die sinode besluit dat:
i Die sinode ‘n bedrag van R8 miljoen belê en die opbrengs aangewend sal word om die mediese subsidies te help finansier.
ii Die gemeentes in KZN sal soos in die verlede nog steeds ‘n bydrae maak tot die bekamping van die emeriti se mediese uitgawes en die beginsel van kruissubsidiëring sal steeds toegepas word.
iii Die sinode dra dit aan die SOS op om ‘n reglement vir die subsidiëring van emeriti ten opsigte van mediese fondsbydraes daar te stel en aan die moderamen voor te hou vir afhandeling.
iv Die saak van uitfasering terugverwys word na die SOS.
Goedgekeur.

Verteenwoordiging by verskillende Kuratoria- Bepaling 37.10.4 (Notule, bladsy 27)
2.1 Aanbeveling:
2.1.1 Die sinode voeg ‘n nuwe Bepaling 37.10.4 in: “Die verkose aktuarius verteenwoordig die sinode by die Algemene Kuratorium.”
Goedgekeur.
2.1.2 Die sinode handhaaf bepalings 37.10.1.1 tot 37.10.1.3 vir twee jaar waarna die Moderamen afvaardiging na streekskuratoria heroorweeg.
Goedgekeur.

✞✞✞

KZN Sinode 2012 : BESLUITEREGISTER (Alfabeties)

Administratiewe reëlings (Notule, bladsy 5)
10.3.2.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die reëlings vir die Sinodevergadering goed.
Goedgekeur.

Afvaardiging na die Algemene Sinode (Notule, bladsy 25)
1.1 Aanbeveling:
1.1.1 Vir praktiese doeleindes werk die sinode met ‘n getal van sewe leraars en sewe kerkraadslede.
1.1.2 Bep 37.9.2 – Die vier lede van die moderatuur is reeds ingesluit in die afvaardiging.
1.1.3 Die sinode kies ‘n verdere drie predikante en sewe kerkraadslede.
1.1.4 Die sinode kies sekundi vir sewe leraars en sewe kerkraadslede.
Hierdie afgevaardigdes geld as sodanig tot die volgende sinodesitting van die NG Kerk in KZN.
Goedgekeur.

Aanbeveling van TSSR (Notule, bladsy 26)
Die sinode besluit ringe wys twee leraars en twee kerkraadslede aan met die oog op afvaardiging na die Algemene Sinode. Die sinode gebruik hierdie name as groslys waaruit die vereiste getal leraars en kerkraadslede na die Algemene Sinode verkies word.
Goedgekeur**.**

VOORSTEL (Notule, bladsy 26):
Voorsteller: Alwyn Landman
Sekondant: A du Toit en Louis Nel
Hiermee insette ter versterking van verwysde saak oor afgevaardigdes na Algemene Sinode:
Ons stel voor dat daar ernstig besin moet word oor die samestelling van die afgevaardigdes na die AS.
Motivering:
1 Kan daar werklik van Algemene Sinode gepraat word as meer as 80% van gemeentes nie werklik sittingsreg het nie?
2 Kritiek op besluite van die Algemene Sinode het sterk vermeerder soos die getalle afgevaardigdes van gemeentes afgeneem het. Vergelyk bloot die toename in felheid van kritiek vanaf 2007 na 2011.
3 Gemeentes voel uitgesluit van die Algemene Sinode en daar word gepraat van “hulle” wat sinode gehou het in plaas van “ons” wat sinode gehou het.
4 Die tydsverloop van inligting wat vanaf die Algemene Sinode kom is bloot nie effektief nie. Kanse word so geskep wat kwaadwillige rapportering en verdagmaking vrye teuels gee.
5 Aangesien die gemeentes op ‘n hersaamgestelde Algemene Sinodesitting sittingsreg behoort te hê, sal die gevoel van ervaring en deelname van die Algemene Sinode deur gemeenteafgevaardigdes na hulle onderskeie sinodes deurgegee word.

6 Effektiewe kommunikasie kan plaasvind, aangesien daar met eerste ontvangers van die boodskappe en besluite by die Algemene Sinode gewerk word. Die kanse vir verkeerde verstaan van besluite word so geminimaliseer.
7 Besluitneming word drasties verhaas by die Algemene Sinode en die heen en weer verkryging van toestemming of terugvoering wat uiters tydrowend is, word uitgeskakel.
8 Koste behoort nooit ‘n verskoning te wees nie. Daar is baie maniere van kostebesparing en die kerk van Christus is innoverend hiermee.
9 Eienaarskap is ‘n onontbeerlike element van enige organisasie. Met die huidige afvaardigingsmetode na die Algemene Sinode word hierdie element ontken. Gemeentes word die geleentheid ontneem om die Algemene Sinode hulle s’n te maak – hulle is bloot nie daar nie.
10 Kritiek op die besluite van die Algemene Sinode sal verminder, aangesien elke gemeente self daar was en hulle standpunte kon stel.
11 Eenheid sal ‘n hupstoot kry en besluite so geneem sal meer impak maak. Laat 2,500 se stemme opgaan teen 200 en die verskil sal gehoor word.
Goedgekeur.

Afvaardiging na ASM (Notule, bladsy 27)
3.1 Aanbeveling:
Die sinode besluit dat die moderator die afgevaardigde na die ASM is en die assessor sy sekundus.
Goedgekeur.

Bepalinge Lêer : Wysigings en hersiening (Notule, bladsy 16)
5.1.1 Aanbeveling: Die SSR kry opdrag om die nodige redaksionele veranderinge in die Bepalinge Lêer insake benaminge en verwysings (byvoorbeeld na KO artikels en Reglemente) wat verander het, aan te bring.
Goedgekeur.

Verwys na nuwe Moderamen vir besluit (Notule, bladsy 25):
5.33.3 Die Sinodevergadering gee opdrag aan saamgestelde bedieningspanne om die toepaslike dele in Afdelings 3 en 4 van die Bepalinge Lêer te hersien met die oog op goedkeuring deur die Moderamen.
Goedgekeur**.**
(Besluite ten opsigte van wysigings in die Bepalinge Lêer word in die Notule op bladsy 16 tot 27 weergegee).

Bybelgenootskap (Notule, bladsy 9)
6 Aanbevelings:
6.1 Dit word aanbeveel dat die Sinode verteenwoordigers sal aanwys vir elk van die streekkomitees vir ‘n nuwe termyn van drie jaar naamlik een geordende primariuslid asook ’n geordende sekunduslid plus een ongeordende primariuslid en ’n ongeordende sekunduslid (verkieslik ’n sakeman en/of ouderling), dws vier lede per streekkomitee. (Dit sal waardeer word as verteenwoordigers binne redelike bereikbare afstand van die streek se Bybelsentrum woonagtig sal wees.)
Goedgekeur.

Hulpverlening aan RCA en VGKSA gemeentes (Notule, bladsy 13)
3. Die Sinode besluit dat die SBS die hele saak van hulpverlening aan die RCA, URCSA en gemeentes soos volg hanteer:
Die hele saak van hulpverlening word deur die SBS hanteer, met 2 werkgroepe wat die toewysing aan gemeentes hanteer.
i. 'n Groep wat die gemeentes van die RCA & VGKSA se toedeling doen, word saamgestel uit verteenwoordigers van al drie kerke en funksioneer onder toesig van die KZN Outreach (ou Sendingkommissie), met verslag aan die SBS.
ii. 'n Groep wat die NGK gemeentes se toedeling doen funksioneer onder toesig van die SBS.
R 15 miljoen uit die algemene reserwe fondse van die sinode as 'n gemeente-ondersteuningsfonds is vir die doel goedgekeur.
i. Die opbrengs word vir gemeente-hulpverlening aangewend.
ii. Vir die gemeentes van die VGK en RCA word die bedrag vir die huidige tot ’n maksimum bedrag van: R 1,1 miljoen vasgepen.
iii. Die opbrengs meer as R 1,1 miljoen word vir NGK hulpverlening aangewend.
iv. Indien die volle bedrag opbrengs nie gebruik word nie, word dit gekapitaliseer.
Goedgekeur**.**

VOORSTEL (Sakelys, bladsy 147; Notule, bladsy 14)
Voorsteller: Mike Heaney
Sekondant: Marthinus van Rooyen
Die goedkeuring van aanbeveling 16.3 van die SOS verslag impliseer dat ‘n plafon op die subsidiëring van salarisse van leraars en evangeliste in die VGK en RCA geplaas word. Derhalwe doen die sinode ‘n beroep op gemeentes om biddend te oorweeg om op groter skaal betrokke te raak by hulpverlening aan VGK en RCA gemeentes, veral gesien in die lig daarvan dat behalwe die GEM-gebied ook Makatini, Msinga en Suid Natal streek op die tafel van die sinode kom. In die lig hiervan moet gemeentes ook gewillig wees om betrokke te raak by die ontwikkeling van ander gemeentes en ringe om self die tekorte aan te spreek.
Goedgekeur.

VOORSTEL: Sendingbegroting Makatini en Msinga (Notule, bladsy 14)
Voorsteller: Mike Heaney
Sekondant: Marthinus van Rooyen
Die sinode dra dit aan die SOS en relevante rolspelers op om weë/wyses te vind om die tekorte op die sendingbegroting te Makatini en Msinga te help subsidiëer/ ondervang.
Goedgekeur.

KZN CMD Direkteurspos (Notule, bladsy 8)
Die sinode besluit:

- Die vakante PSD-Gemeenskapsbedieninge-pos, wat insluit die pos van Direkteur KZN CMD, word nie dadelik gevul nie.Hierdie PSD-pos bly voorlopig voortbestaan as ‘n vakature.
- Vir die tussentyd word die funksies en die pligte van die Direkteur KZN CMD verdeel tussen bekwame personeel wat tans in diens van die KZN CMD is. (Daar is drie waarnemende Direkteursposte geskep wat die volgende velde bedien: Maatskaplike werk aangeleenthede; Menslike Hulpbronne; en

Skakeling.)

- Om deurlopend die sake van die KZN CMD te bestuur word ‘n Bestuurspan saamgestel, bestaande uit sewe hoofspelers binne die organisasie, wat gereeld onder die voorsitterskap van ds Philip Meyer vergader.
- ‘n Jaarlikse subsidie van R300,000 vanuit die begroting van die NG Kerk in KZN word aan KZN CMD betaal. (In die begroting word o.a. voorsiening gemaak vir ‘n jaarlikse oorbetaling van R50,000 aan die drie Kinderhuise, asook R36,000 aan NG Kerk Hayfields en R50,000 aan enkele Maatskaplike Werkers vir die uitkoop van dienste om die Direkteursfunksies voort te sit.)
- Die huidige PSD-Gemeentebediening, ds Ben van Dyk, is verantwoordelik vir alle PSD-kerklike funksies.
- Die SBS begelei ds Ben van Dyk in die uitwerk van ‘n nuwe posbeskrywing na die sinodevergadering.
- Bostaande is ‘n interimmaatreël vir, voorlopig, twee jaar. Verslag en toekomsaanbevelings word gedoen aan die Moderamenvergadering nie later as September 2014 nie.

Goedgekeur.

Lidmaattoerustingsprogram (Notule, Riglyne: bladsy 5, besluit : bladsy 7)

2.3.1 Aanbevelings:

2.3.1.1 Die Sinode keur die “Riglyne vir die opleiding van gelowiges in KZN” goed, met byvoeging van die volgende by 5.5: “asook die ring (vgl. Artikel 48.3.5.”).

2.3.1.2 Die Sinode versoek die SSR om die “Riglyne vir die opleiding van gelowiges in KZN” in die Bepalingelêer op te neem.

Goedgekeur.

Ondersteuning van Projekte (Notule, bladsy 11)

Aanbeveling TSOS:

Die sinode besluit dat die status quo gehandhaaf word en dat bogenoemde aanbevelings nie goedgekeur word nie.

Goedgekeur.

Predikante Pensioenfonds – Bestuur en verteenwoordiging (Notule, bladsy 12)

1. Die Sinode besluit dat die Pensioenfonds van die VGK predikante soos volg bestuur word:

a. Dat ’n beleggingsrekening in die boeke van die Sinode oopgemaak word in die naam van elke betrokke leraar op dieselfde basis as ander beleggings by die Sinode.
b. Dat rente maandeliks bygevoeg word teen dieselfde koers as wat ons aan ander betaal (prima min 5%).
c. Dat die balans van die betrokke persoon se belegging dan op ouderdom 65 uitbetaal word of wanneer die persoon voor 65 sterf.
d. Dat ons jaarliks ’n staat aan die betrokke persoon stuur met die saldo van die rekening.

Goedgekeur.

VOORSTEL: (Notule, bladsy 15)
Die Sinode besluit dat ds BJ van Dyk (Primarius) en dr Barry Tolmay (Sekundus) die werkgewer verteenwoordig by die Predikante Pensioenfonds en Groepskemas.
Goedgekeur.

Sinodale Bedieningspan: Samestelling (Notule, bladsy 10)
Aanbeveling: Die SBS word saamgestel uit ses lede (PSD plus nog 5 lede).
Goedgekeur.

Sinodale Bydraes : Formule (Notule, bladsy 14)
5. Die Sinode besluit dat die huidige formule vir Sinodale bydraes soos volg gewysig word:
Geen inflasie aanpassing in die toekoms nie.
Die persentasies verander soos volg:
- Predikantsposte 4%
- Skuld 6%
- Balans 9%

Die res van die formule bly dieselfde.
Die besluiteregister Deel 6 word ook soos volg gewysig:
a. bl 9, punt 2.2 die volgende sin word geskrap: “en deur die SOS aangepas met ‘n bedrag wat nie hoër is as die amptelike inflasiekoers nie (VPI indeks)”.
b. bl 10, punt 6.1.3 word verander na: “9% op die res van die inkomste van die gemeente”.
c. bl 10, punt 6.11 word bygevoeg: “Enige bydrae van ‘n gemeente aan die CMD word afgetrek van die inkomste van die gemeente voor Sinodale bydraes daarop bereken word”.
d. bl 14, punt 15: die volgende sin word geskrap: “alleenlik addisionele kollektes”.
Goedgekeur.

Sinodale Kollektes : NID (Notule, bladsy 15)
7. Die Sinode besluit dat kollektes vir en bydraes aan die NID (Nasionale Instituut vir Dowes) vir teologiese opleiding by NID vrygestel word van sinodale bydraes.
Goedgekeur**.**

Sinodale Personeel : Verlof (Notule, bladsy 16)
Aanbeveling: Die sinode keur goed dat die kantoorpersoneel een ekstra dag verlof ontvang uit waardering vir die harde werk om gereed te maak vir die Sinodevergadering.
Goedgekeur.

Sinodale Sentrum : Verkoop (Notule, bladsy 15)
8. Die Sinode besluit dat die Sinodale Sentrum nie aan Netcare verkoop word nie.
Goedgekeur.

Subsidiëring van Mediese Fondsbydraes (Notule, bladsy 13)
Die sinode besluit dat:
i Die sinode ‘n bedrag van R8 miljoen belê en die opbrengs aangewend sal word om die mediese subsidies te help finansier.
ii Die gemeentes in KZN sal soos in die verlede nog steeds ‘n bydrae maak tot die bekamping van die emeriti se mediese uitgawes en die beginsel van kruissubsidiëring sal steeds toegepas word.
iii Die sinode dra dit aan die SOS op om ‘n reglement vir die subsidiëring van emeriti ten opsigte van mediese fondsbydraes daar te stel en aan die moderamen voor te hou vir afhandeling.
iv Die saak van uitfasering terugverwys word na die SOS.
Goedgekeur.

Verteenwoordiging by verskillende Kuratoria- Bepaling 37.10.4 (Notule, bladsy 27)
2.1 Aanbeveling:
2.1.1 Die sinode voeg ‘n nuwe Bepaling 37.10.4 in: “Die verkose aktuarius verteenwoordig die sinode by die Algemene Kuratorium.”
Goedgekeur.
2.1.2 Die sinode handhaaf bepalings 37.10.1.1 tot 37.10.1.3 vir twee jaar waarna die Moderamen afvaardiging na streekskuratoria heroorweeg.
Goedgekeur.

✞✞✞